50-Dag Gebedskalender

Belydenis van individuele, gemeenskaplike en nasionale sondes

"As my volk oor wie My Naam uitgeroep is, hulle veroormoedig en bid en My aangesig soek, en terugdraai van hulle verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor, hulle sonde vergewe en hulle land genees." 2 Kronieke 7:14

Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040, Suid Afrika. Tel. +12 3653213. Faks. +12 3653213. info@jwipn.com ; www.jwipn.com

Hoe om die gebedsgids te gebruik

Hierdie gebedsgids kan gebruik word deur individue, gemeenskappe en/of selgroepe en gebedsgroepe in gemeentes, om vir die land of streek of dorp in te tree en te bid.

Gemeenskaplike sondes, wat nie noodwendig deur die individu gepleeg word nie, kan bely word deur jouself met die gemeenskap te identifiseer, soos wat Daniel in Dan 9 en Nehemia in Neh 1, gedoen het. Sodoende neem die bidder die posisie van intersessor in namens die gemeenskap, om vergiffenis van God te vra vir die sondes wat in die gemeenskap gepleeg word.

Die boekie is ontwerp om oor ‘n periode van 50 dae gebruik te word. Dit is egter bloot ‘n riglyn. Hierdie inligting kan op enige manier aangewend word, hetsy in gemeentelike gebedsgidse of op ‘n weeklikse gebedstyd. Individue kan alleen of in groepe die belydenis doen. Die gebedsgids is nie veronderstel om as aanklagte teen ander persone gebruik te word nie, en is ook nie daarop gerig om sondaars te veroordeel nie. Wees dus versigtig oor hoe die inligting wat in die gemeenskap versamel is gebruik word.

Dit is ons gebed dat hierdie gids sal bydra tot ‘n dieper en intiemer wandel met die drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees.

Oortredings teenoor God

Daar is ‘n groeiende honger in Christenharte om in intimiteit met God, die Vader van ons Here Jesus Christus, te lewe. Dit word weergegee in die toenemende begeerte om te bid en God se aangesig te soek. Vele Christene spreek ook hul bekommernis uit oor die agteruitgang van die samelewing, wat sigbaar is in die toenemende misdaad, geweld en sondige praktyke. In tye soos hierdie, is dit nodig om God se karakter te ken en te weet dat niks vir Hom onmoontlik is nie. Ons God spesialiseer in situasies van wanhoop. Hy het ons nie verlaat nie en ook nie begewe nie, maar volgens Sy Woord is daar definitiewe riglyne oor hoe Om ons huidige situasies (bv. armoede, siekte en wetteloosheid) te hanteer. Een ding wat Hy van ons vra is Om geloof te hê want sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag. Met geloof, die grootte van and mosterdsaadjie, kan ons berge versit.

God tree op volgens sekere beginsels. In die Woord sê Hy baie duidelik dat wanneer daar sonde in ons lewens is of wanneer ‘n nasie teen Hom gesondig het, Hy nie ons gebede kan antwoord of Sy seën oor ons kan uitstort nie. Die enigste manier om tot God te nader in so ‘n situasie, is om in verootmoediging en skuldbelydenis voor Hom te staan. God nader tot dié wat na Hom soek. Die grootste probleem in ons samelewing vandag, is dat ons nie meer weet wat ons bely nie. Ons het so gewoond geraak aan sonde dat ons dit nie meer meet en oordeel volgens Bybelse standaarde nie. Ons het daaraan gewoond geraak om verskonings en redes te gee wanneer ons besig is met dinge wat God haat. Verwag ons nog steeds dat Hy tot ons sal nader, selfs terwyl ons in sonde verval het? God se beginsels rakende heiligheid is baie duidelik en ons het nodig om onsself (en ons samelewing) deur God se oë te sien en teen Sy Woord te meet en dan na Hom toe te kom in berou.

Die Bybel is baie duidelik dat skuldbelydenis nodig is om vergifnis te kan ontvang. Volgens die Bybel is daar ook sekere sondes wat ‘n invloed op die land het en veroorsaak dat die land onrein word en God Sy guns onttrek. Die fokus van hierdie inisiatief is op die volgende vier areas van sonde: bloedvergieting, onsedelikheid, verbreekte ooreenkomste en afgodery. Elke kategorie word later volledig bespreek met voorbeelde van skuldbelydenis.

Wegneem van oortredings

Volgens Lukas 24:46 en 47 is die rede hoekom Christus moes ly en opstaan uit die dood, sodat bekering (skuldbelydenis deur verootmoediging) en vergifnis van sonde aan al die nasies van die wêreld verkondig kon word. Paulus en die ander apostels het hierdie boodskap van bekering versprei so ver as wat hulle deur die Romeinse Ryk gereis het. In Efese het Paulus se belydenisprediking ‘n massa bekering teweeg gebring, soveel so dat die skare hulle boeke oor die toorkunste gebring en laat verbrand het (Hand.19:19). Dit het so ‘n impak op die samelewing gehad, dat die volgelinge van die kultus van Diana (Artemis) hulle mark vir afgodery verloor het. Dit was God se manier om mense te laat wegdraai van sonde en om van die oortredinge ontslae te raak deur skuldbelydenis.

In die Ou Testament moes die Israeliete alle dinge wat God kon affronteer, verwyder en vernietig (Deut.12:2-4), sodat hulle Hom alleen kon aanbid. God belowe in Sy Woord dat wanneer die volk berou toon, na Sy wil vra en wegdraai van hulle bose weë, dan sal Hy hulle hoor, hulle sonde vergewe en hulle land genees (2 Kron.7:14). In Heb.9:22 lees ons dat bykans alles gereinig word met bloed en dat daar geen vergifnis is sonder die vergieting van bloed nie. In die Ou Testament, het God die offerstelsel gegee om die mense te help wanneer hulle teenoor God en teenoor mekaar gesondig het. Een maal ‘n jaar het die hoëpriester ‘n spesiale offer, die Versoeningsoffer, gebring (Lev.16). In die Allerheiligste deel van die tempel voor die genadetroon, moes die bloed van hierdie offer versoening doen vir die onreinheid van die kinders van Israel, weens hulle oortredinge en vir al hulle sondes. Nadat die hoëpriester die bloed voor en op die genadetroon gesprinkel het, moes hy die sondes van die kinders van Israel bely. Hierdie offer was slegs een keer per jaar en was nodig om die volk teen God se heiligheid te beskerm.

In Heb.9:11 lees ons dat Jesus as Hoëpriester gekom het en die Allerheiligste, namens ons, betree het. Hy het nie met die bloed van bokke en beeste gekom nie, maar met Sy eie bloed. Hy het nie soos die Hoëpriester nodig om die offer gereeld te bring nie, maar het dit slegs een maal gedoen – vir almal. Jesus se bloed het die Nuwe Verbond verseël (1 Kor.11:25,26) en ‘n weg gebaan om sonde weg te neem (Heb.9:26). Die bloed van bokke en beeste kon nooit die sonde

wegneem nie, maar die bloed van Jesus kan. Deur die bloed van Jesus kan ons nou vergifnis vir sonde ontvang en het ons nie meer nodig om bokke en beeste te offer nie. Na die offer het Jesus aan God se regterhand gaan sit en daar wag Hy tot Sy vyande aan Hom onderwerp is (Heb.10:12,13).

Deur dit wat Jesus gedoen het, het ons vrye toegang tot die genadetroon (die Allerheiligste) in die hemel (Heb.4:16), om hulp te verkry in tye van nood. Die bloed van Jesus wat voor die genadetroon in die hemel gesprinkel is, is die bewys van die vergifnis van God vir mense wat na Hom toe kom en in die Naam van Jesus om vergifnis vra. Wanneer ons tot God bid vir die vergifnis van ons sondes, en vir die sondes van ons volk, soos die priesters gemaak het in die Ou Testament, dan luister Hy na die getuienis van die bloed van Jesus wanneer dit getuig voor Sy troon (Heb.12:24). Soos ons gebede van belydenis voor God gebring word (Openb.8:3-5), tree God namens ons op en al die verbondsbeloftes, van die beloftes wat Hy gemaak het met Adam, Noag, Abraham, Dawid, Salomo ens. tot die beloftes in die Nuwe Verbond met Jesus, word bekragtig as deel van ons erfenis. Een van hierdie beloftes in Sy Woord is, dat wanneer die volk berou toon en na Sy wil vra en wegdraai van hulle bose weë, dan sal Hy hulle hoor, hulle sonde vergewe en hulle land genees.

Bloedvergieting

Die eerste voorval van bloedvergieting in die Bybel, was in Gen. 4, waar Kain sy broer Abel vermoor het. In die geslagte na Kain het die sonde van bloedvergieting vermenigvuldig en in ‘n siklus van wraak ontaard (Gen. 4:23,24). God se reaksie op hierdie sonde was hewig. Hy het gesê dat Kain vervloek sal wees van die aarde, sodat elke keer wanneer hy die grond bewerk, dit nie die verwagte oes sal lewer nie. Die moordenaar sal ook ‘n swerweling en vlugteling word, nie in staat om te vestig op een plek nie (Gen. 4:11,12). Volgens die wet wat God vir Moses gegee het, moes ‘n moordenaar sterf (Deut. 19:11-13). Wanneer die moord onopgelos was, het God die priesters van die naaste dorp gevra om die situasie te hanteer (Deut.21). Die Bybel is duidelik daaroor dat wanneer ‘n mens of ‘n dier se bloed vergiet word, dit skuld op die land veroorsaak. Bloedskuld is ‘n onvermydelike gevolg wat veroorsaak word deur die vergieting van menslike bloed of as diere aan afgode geoffer word. Hierdie skuld is soos ‘n

aansteeklike siekte wat vinnig versprei. Dit beïnvloed die moordenaar, sy uitgebreide familie, die volgende geslag, die stad waar hy woon, die nasie aan wie hy behoort en die land waarin hy woon. Direk na die vloed het God ook ‘n wet uitgevaardig wat die drink en eet van bloed, verbied. Hierdie wet is steeds deur die Nuwe Testament kerk geëer (Hand. 15:20). In die Nuwe Testament het Jesus die wet oor moord verder geneem en gesê dat ongegronde woede en woede uitbarstings, in God se oë net so erg is as moord.

Bloedvergieting is ‘n ernstige oortreding teenoor God. Toe Manasse Jerusalem se strate met bloed gevul het was God nie bereid om te vergewe nie. Dit is daarom dat Hy Sy volk in ballingskap geneem het (2 Kon. 24:4). Wanneer dié wat na die Here soek, bloedskuld op hulle hande het, wil God nie hulle gebede beantwoord nie (Jes. 1:15; 59:2). In Spreuke sê God dat Hy hande haat wat bloed vergiet (Spr. 6:17). In Joël (3:21) belowe God dat wanneer Hy restorasie bring, Hy die bloedskuld sal vergewe, maar tot dan sal die land nie die bloedskuld kan wegsteek nie (Jes. 26:21). Hierdie bloed sal aanhou uitroep na God soos die bloed van Abel.

Die effek van hierdie bloedskuld kan gesien word in toenemende wraaksugtigheid, woede uitbarstings tussen mense, die algemene ontwrigting van sovele mense en die toenemende behoefte aan kos in sekere dele van die samelewing. Die enigste manier om met hierdie skuld te deel, is om die uitspraak van die bloed van Jesus van toepassing te maak op die spesifieke sonde. Hoe doen ons dit? Ons nader die troon van genade met die wete dat ons ‘n Advokaat in die hemel het wat vir ons intree. Hy het die prys vir ons sonde met Sy bloed betaal en ons het nie meer nodig om ‘n dier te offer om vergifnis te kan ontvang nie. Die bloed van Jesus op die altaar in die hemel kan namens ons praat (Heb.12:24). Gewapen met die belofte van vergifnis en die sekerheid van die nuwe verbond, kan ons tot God nader, die sondes van ons land bely en Sy vergifnis ontvang deur die bloed van Jesus. Sonde wat nie bely is nie, is ook nie vergewe nie. Nie eers tyd kan sonde wegvee nie. Slegs deur ons skuld te bely kan ons vergifnis ontvang. Onbelyde sonde, selfs van vorige geslagte, het steeds ‘n invloed op die latere geslagte. Onthou, ons bely die sonde voor God, maar ons bid NIE vir die vergifnis van ons voorgeslagte nie. Hulle het ‘n geleentheid voor God gehad. Ons bid sodat God die bloedskuld, asook die vloek wat deur die skuld op die land gekom het,

sal wegneem. Dan eers kan ons God herinner aan Sy belofte in 2 Kron.7:14 "..en my volk..toon berou...sal Ek..hulle land herstel."

Gebede rakende bloedskuld (Dag 1-14)

Die volgende gebede kan daagliks gebruik word in persoonlike stiltetye of in 'n gebedsgroep:

Dag 1 – *Gen.4:10 Maar die Here sê:"Wat het jy gedoen? Die bloed van jou broer roep van die aarde af na My." Heb.12:24 "(Julle het gekom) by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, en by die besprinkelingsbloed wat van iets beters getuig as die bloed van Abel."* Vader, ons erken ons **skuld aan bloedvergieting** in ons land. Ons erken en bely dat die stemme van baie mense se bloed na U toe roep. Ons bely dat ons hierdie land gevul het met bloed. Ons vra dat die reinigende bloed van Jesus Christus, in die hemel om namens _____ (naam van land of stad) te getuig. Laat dit vergifnis, genesing en herstel in ons land bring.

Dag 2 – *Lev.17:11 "Omdat die lewe van 'n dier in sy bloed is, het Ek die bloed vir julle gegee om op die altaar versoening te doen vir julle lewens. Omdat bloed versoening bring deur die lewe wat daarin is."* Voorsiener van lewe, ons erken en bely dat ons **lewe met min respek behandel** het. Ons smeek U om vergifnis. Herstel ons respek vir lewe en help ons om alle mense as as u skepsels te behandel.

Dag 3 - *Num 35:33 "Julle mag die land waarin julle woon, nie onrein maak nie, want bloedvergieting verontreinig die land en daar kan alleen deur die dood van hom wat die bloed vergiet het, versoening gedoen word vir die land waarin die bloed vergiet is."* Regter oor lewe en dood, ons bely en erken ons skuld voor U, vir die **bloedvergieting** in ons land wat veroorsaak is deur **oorloë, moorde en ongelukke**. Betoon genade en vergewe ons vir die verontreiniging van ons land. Mag ons gebede vir U aanvaarbaar wees sodat U ons land kan herstel.

Dag 4 – *Lev 17:10 "Elke Israeliet en elke vreemdeling by julle wat enige bloed eet, sal Ek self straf. Ek sal hom van sy volksgenote afsny." Ps.16:4 "Mag elkeen wat 'n ander god vereer, baie smart beleef. Vir afgode sal ek nie bloedoffers uitgiet nie, hulle name sal ek*

nie op my lippe neem nie." Here, ons erken en bely **enige inname van bloed** in ons land, in die aanbidding van valse gode, geeste, voorvaders of enige ander wese, in inisiasie seremonies of selfs in kulture, tradisies en voedsel. Vergewe ons asseblief.

Dag 5 – *Luk.11:50-51 "So is die huidige geslag dan skuldig aan die bloed van al die profete wat vergiet is van die skepping van die wêreld af: van die bloed van Abel af tot by die bloed van Sagaria, wat tussen die altaar en die tempel doodgemaak is. Ja, Ek sê vir julle, hulle bloed sal van die huidige geslag geëis word!" Hosea 4:2 "...het vervloeking, valsheid, moord diefstal en egbreuk toegeneem en is die vergieting van onskuldige bloed aan die orde van die dag."* Regverdige Here, ons erken en bely dat die **bloedskuld van die vorige geslagte** nie bely is nie en dat die siklus van bloedvergieting net voortduur. Ons vra dat U in u genade hierdie siklus in ons land sal verbreek, deur die krag van Jesus Christus se bloed.

Dag 6 – *Ps.106:38 "...en onskuldige bloed vergiet, die bloed van hulle seuns en dogters wat hulle aan die afgode van Kanaan geoffer het. So is die land met bloed bevlek."* Vader, ons erken en bely dat ons skuldig is daaraan dat ons onskuldige bloed vergiet het op die altare van gemaksug en mammon, deur ongebore babas in **aborsie** prosedures te vermoor. Ons het u vergifnis nodig omdat ons hierdie sonde gewettig het. Ons bid vir u genade oor ons land.

Dag 7 – *Gen.9:5 "Wanneer julle eie bloed vergiet word, sal Ek daaroor rekenskap eis, want dit is julle lewe; van 'n dier sal Ek rekenskap eis oor die lewe van 'n mens, en van 'n mens sal ek rekenskap eis oor die lewe van sy medemens."* Here ons Geregtigheid, lei ons leiers om **verantwoordelikheid** te aanvaar vir die bloedvergieting in ons land en help ons om die verantwoordelikheid wat ons teenoor lewe het, te aanvaar.

Dag 8 – *Rigt.9:23-24 "Toe het God vyandskap laat kom tussen Abimelek en die burgers van Sigem, en hulle het teen hom in opstand gekom. God het dit oor Abimelek gebring oor die onreg wat hy sy broer, die sewentig seuns van Jerubbaäl, aangedoen het toe hy hulle vermoor het. God wou hulle dood wreek, en Hy het die dinge oor die burgers van Sigem gebring omdat hulle vir Abimelek gehelp het om sy broers te vermoor."* Ons Verlosser, U wat bloed wreek, verwyder asseblief enige vyandigheid in ons midde wat kan veroorsaak dat mense **wraak** sal neem weens bloedvergieting. U het alle

bloedvergieting gewreek toe Jesus ons sondes aan die kruis gedra het. Bring asseblief genesing vir dié wat geliefdes verloor het in konflik en oorloë. Reinig ons harte van enige bitterheid en haat teenoor dié wat ons benadeel het.

Dag 9 – *Eseg.33:25 "Sê vir hulle: 'So sê die Here my God: Julle het aan heidense offermaaltye deelgeneem, julle het by julle afgode hulp gesoek, julle het bloed vergiet, en julle wil die land as besitting hê?'" Ps.24:1-2 "Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daarin woon, alles behoort aan die Here, want Hy het die fondamente daarvan in die see gelê en dit stewig gevestig in die waters."* Soewereine God, ons erken dat ons as verskillende bevolkingsgroepe veg vir die **besit van hierdie land**. Ons erken vandag dat hierdie land aan U behoort en dat U die ware Heerser oor _____ (naam van land of stad) is. Mag u Koninkryk werklik kom.

Dag 10 – *Gen.4:10-12 Maar die Here sê:"Wat het jy gedoen? Die bloed van jou broer roep van die aarde af na My. Vervloek is jy dan nou, verban van die grond af wat gretig die bloed van jou broer uit jou hand opgeslurp het. Wanneer jy die grond bewerk, sal dit nie sy opbrengs vir jou gee nie. Jy sal 'n doellose swerwer op aarde word!"* Hersteller van alle dinge**, verwyder asseblief die vloek van bloedskuld** van _____ (naam van land of stad), sodat die aarde weer sy vrug aan die mens sal lewer. Stuur asseblief weer die vroeë en laat reën, soos U beloof het in 2 Kron. 7:13. In die Naam van Jesus Christus vra ons dat U alle vreemdheid, wat sal veroorsaak dat mense rusteloos en ontuis voel, sal wegneem. Gee ons u vrede en stabiliteit.

Dag 11 - *Heb.9:22 "Byna alles word volgens die wet met bloed gereinig, en sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie."* Here, ons bely vandag dat ons **bloedvergieting herdenk** in ons land deur bitterheid en haat in ons harte toe te laat teenoor dié wat teen ons oortree het, in plaas van hulle te vergewe. Ons kies nou om dié wat pyn in ons lewens veroorsaak het, te vergewe – net soos wat U ons vergewe het deur die bloed van Jesus Christus.

Dag 12 - *Hab.2:12 "Ellende wag vir hom wat 'n stad bou met moord, wat 'n dorp aanlê met onreg." Dan.9:8 "Here, hierdie ellende het oor*

ons, oor ons konings, oor ons leiers en oor ons faniliehoofde gekom omdat ons teen U gesondig het." Koning van Geregtigheid, ons bely dat baie van ons stede en dorpe op **fondamente van onreg, bloedvergieting en misdaad,** gebou is. Sedert die ontstaan van ons volkere het mans (en vrouens) in gesagsposisies hulle mag misbruik om bloed te vergiet. Ons is skaam daaroor Here. Verwyder hierdie bloeddorstige fondament van ons land, stede en dorpe en lê 'n nuwe fondasie gebaseer op die versoening van Jesus Christus en op skuldbelydenis.

Dag 13 – *Jes.1:15,16 "As julle julle hande in gebed uitstrek, sal Ek my oë vir julle toemaak. Selfs al bid julle hoe baie, sal Ek nie luister nie, want julle hande is met bloed bevlek, was julle, reinig julle. Moenie voor my verskyn as julle verkeerd doen nie. Hou op met kwaad doen." Joël 3:21 "Ek sal my volk se sonde vergewe, die sonde wat Ek nog nie vergewe het nie, en Ek, die Here, sal op Sion woon."* Ewige God, **U het belowe** dat U vanuit die hemel sal hoor wanneer ons onsself voor U verneder, U aangesig soek en terugdraai van ons bose weë. Hoor ons wanneer ons bid. **Spreek _____ (naam van land of stad) vry** van alle bloedskuld; van die bloed wat vergiet is deur die eerste inwoners wie aan afgode geoffer het, tot die bloed wat op hedendaagse altaars geoffer word; vergewe ons die bloedvergieting in etniese konflik en oorloë; vergewe die bloedvergieting gedurende die koloniale era; bloed wat vergiet is in die weerstandbewegings teen die Britse en Apartheid regerings; asook bloedvergieting deur moorde, ongelukke, aborsies, selfmoorde en onregte. Ons vra nou dat U die krag van die bloed van Jesus Christus, in werking sal stel oor ons land. Help ons land om u genesing, reiniging, verlossing en herskepping te aanvaar.

Dag 14 – *Ps.51:14 "Laat my weer die blydskap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien."* Ons Verlosser, ons verheug ons in die krag van u Naam. U doen alle dinge goed. U is die **Vredevors**, die Regverdige Regeerder, die Herskepper van alle dinge, die Vader van die wese en die Beskermer van die weduwee. Ons verheug ons in U. Mag u Naam verheerlik word in _____ (naam van land of stad). Mag alle mense U erken. Ons vier u oorvloedige goedheid en ons sing met vreugde oor u regverdigheid.

Voorbeeld van gebed wat gebid kan word by slagvelde en oorlogsmonumente, konflikareas, afgodsoffer en –aanbidding plekke, aborsieklinieke, plekke waar gereelde ongelukke, moorde, selfmoorde plaasvind, ens.

Vader, ons kom na U toe in die Naam van u Seun, Jesus Christus, op grond van u belofte in Joh. 16:23. Geseënd is u glorieryke Naam; U wat verhewe is bo alle seëninge en lof! U alleen is die Heer; U het die hemel geskape, die hemel van alle hemele, met sy engeleskare, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin, en U hou dit alles in stand. Saam met die hemelskare aanbid ons U. Ons erken Here dat U die God bo alle gode is, daar is niemand soos U nie. U is die Een wat ook ons land gemaak het. Volgens Hand. 17:26,27 (OV) het U elke nasie uit een bloed gemaak. U het ons toekoms bepaal en die grense van ons wandel, sodat ons na U sal soek.

In nederigheid kom ons, as die Kerk in _____ (naam van land of stad), en onderwerp ons aan U (Jak. 4:6,7). Ons buig voor U om rekenskap te gee van onsself, ons bevolkingsgroep en ons land (Rom. 14:11,12). Deur die Heilige Gees het ons tot die oortuiging gekom dat ons ook skuld dra aan die sonde van bloedvergieting in _____ (naam van land of stad), dat ons nie in die geregtigheid wandel wat U van ons vra nie en dat u oordeel op ons land rus weens hierdie sonde.

Ons bely dat ons hierdie land gevul het met bloed. Ons erken dat ons menselewens met bitter min respek behandel het in ons land.

Bloedvergieting van die verlede: Vader, ons erken dat die bloedskuld van die verlede nog nie bely is nie. Ons bely voor U die bloedvergieting wat oorloë in ons land veroorsaak het (Blank ↔ Khoi, Blank ↔ San, Blank ↔ Xhosa, Xhosa ↔ San, Xhosa ↔ Khoi, Zoeloe ↔ Xhosa, Zoeloe ↔ Basoetoe, Zoeloe ↔ Blank, Shangaan ↔ Zoeloe, Ndebele ↔ Tswana, Ndebele ↔ Pedi, Venda ↔ Pedi, Boer ↔ Brit, noem enige ander oorlog wat in jou area plaasgevind het _____). Ons vra Here dat U u genade oor ons sal uitstort en dat U hierdie siklus van bloedvergieting en wraak in ons land sal verbreek deur die krag van die bloed van Jesus Christus. Bring asseblief versoening tussen die verskillende bevolkingsgroepe in ons

land, en laat die bloed van Jesus Christus verhoudinge herstel, wonde van verwerping, haat en wantroue genees. Ons bely ook dat sommige van die monumente wat ons opgerig het ter nagedagtenis van hierdie oorloë, gebruik is om haat, bitterheid en rassisme in ons harte aan te wakker. Ons bely dat ons hierdie emosies toegelaat het om die boodskap van Wie U is, te verdraai en dat ons die Bybel gebruik het om die bloedvergieting te regverdig. Ons bely ook dat sommige van hierdie monumente (baie ter ere van Egiptiese en Romeinse gode) nie u Naam vereer nie. Vergewe ons asseblief.

Bloedvergieting deur konflik: Vader van ons Here Jesus Christus, die Bybel sê dat die vergieting van oorlogsbloed in tye van vrede (1 Kon. 2:5,6), na wraak sal roep. Ons bely vandag dat ons skuldig is, dat ons oorlogsbloed vergiet het in vredestye in ons land. Ons erken en bely die sterftes deur terrorisme, rassekonflik en onderdrukking tydens die vryheidstryd (*liberation struggle).* Ons erken voor U, dat dié wat veronderstel was om die vrede te bewaar, soms dade van onreg gepleeg het teenoor ander rassegroepe. Vergewe ons asseblief.

Bloedvergieting tydens oorloë in ander lande: Vader, ons erken dat ons ook skuldig is aan bloedvergieting in ander lande tydens die oorloë waaraan ons en ons voorouers deelgeneem het. Ons vra Here dat U die bloedskuld sal verwyder en dat U versoening sal bring.

Bloedvergieting deur moord en selfmoord: Vader, ons erken en bely dat honderde moorde gepleeg word in ons land. Ons erken ook ons skuld aan bloedvergieting deur aborsie te wettig en dat daar onskuldige bloed vergiet word op die altare van mammon en “gerief” om die ongebore babas te vermoor. Ons bely die woede, haat en bitterheid wat gelei het tot die massamoorde op plase, in families en weens rassisme.

Bloedvergieting deur ongelukke: Here, ons bely die onskuldige bloedvergieting op die paaie deur ongelukke wat veroorsaak word deur roekelose bestuurders, dronkbestuur, ongehoorsaamheid aan padreëls en ander redes. Verwyder asseblief die bloedskuld van ons land.

Bloedvergieting deur offers: Vader van ons Verlosser Jesus Christus, ons erken die skuld op ons land weens die bloedvergieting

van diere (en mense) gedurende die aanbidding van ander gode (Satanisme, heksery, ens.). Ons erken en bely enige bloedvergieting in inisiasie seremonies, tradisionele rituele en die eet en drink van bloed in sekere kulture.

Ons bid in die Naam van Jesus Christus dat U die vloek van ons land sal verwyder en dat U u guns oor ons sal skyn sodat ons land weer oorvloed sal lewer. Ons vra dat U die vloek van vervreemding en dwaling sal breek, sodat mense ‘n tuiste sal vind in die land wat U vir hulle gegee het.

Ons vra dat die reinigende bloed van Jesus Christus op die altaar in die hemel sal getuig namens _____ (naam van land of stad) (Heb. 12:24), om vergifnis, genesing en herstel in ons land te bring.

Seksuele Onreinheid

Die eerste voorval van onsedelikheid in die Bybel is aangeteken in Genesis 6. Alhoewel die Bybel nie duidelik is oor die presiese gebeure voor die vloed nie, was een van die gevolge van die seksuele interaksie wat plaasgevind het die vulling van die hele aarde met geweld. Rom.1 beskryf die degradering van die mens weens perverse seksualiteit. Die primêre gevolg hiervan was dat die mense Godhaters geword het, en hierdie oordeel (v 32) verdien die dood. Dit was presies dieselfde oordeel wat God uitgespreek het oor die generasie voor die vloed. Die sonde van onsedelikheid word in Lev.18:6-23 omskryf en sluit die volgende praktyke in: bloedskande, gemeenskap gedurende menstruasie, egbreuk, homoseksualisme, gemeenskap met diere en prostitusie. Paulus beskryf seksuele onsedelikheid in die Nuwe Testament as sonde teen jou eie liggaam (1 Kor.6:18). In Lev.18 is seksuele onsedelikheid een van die oorsake waarom mense hulle grondgebied verloor. Ander gevolge van seksuele onsedelikheid sluit in: ‘n verkorte leeftyd; geestelike outoriteit word weggeneem; magswellus; geen begeerte om ander te dien nie; geen nederigheid nie en seksuele wellus, wat ‘n deur oopmaak vir demoniese verdrukking. In Matt.5:28, het Jesus selfs so ver gegaan om te sê dat ons alreeds egbreuk in ons harte gepleeg het, wanneer ons net wellustige gedagtes koester. Dit is dus nie net die daad van seksuele onsedelikheid wat verontreiniging veroorsaak nie, maar ook die

besoedeling van ons gedagte-wêreld deur pornografie en die media. Paulus het baie duidelik in sy brief aan die Korinte (1 Kor.5) die Kerk gewaarsku om nie seksuele onreinheid in hulle geledere te duld nie. In die brief aan die Romeine (hfst 1) het hy verder gegaan en gesê dat dié wat skuldig is aan dié immorele dade, nie die enigstes is wat geoordeel sal word nie. Ook diegene wat hierdie sondige praktyke goedkeur sal geoordeel word.

Wanneer ons na ons land kyk in die lig van wat die Bybel sê oor seksuele onsedelikheid, staan ons skuldig voor die Here. Ons het toegelaat dat hierdie sonde in ons samelewing versprei en ons besoedel. Die enigste mense wat God kan vra vir die reiniging en herstel van ons families, huwelike en samelewing, is dié wat in 'n verhouding met God die Vader, deur Jesus Christus staan, en wat alle seksuele onreinheid in hulle eie lewens bely en laat staan het.

.

Gebede rakende seksuele onreinheid (Dag 15-21)

(Die volgende gebede kan daagliks gebruik word in persoonlike stiltetyd of in gebedsgroepe)

Dag 15 – *Lev.18:6 "Niemand van julle mag met 'n naby bloedverwant geslagsgemeenskap hê nie. Ek is die Here."* Vader, ons erken en bely die sonde van **bloedskande** voor U. Ons erken dat ons nie ons familielede met die nodige respek rakende seksualiteit hanteer het nie. Ons bid dat U families sal reinig, dat U die stukkende lewens sal genees en dat U seksuele reinheid in ons familiekringe sal herstel. Genees ons emosies en gedagtes wat deur hierdie verraad skade gely het.

Dag 16 – *Lev.18:20 "Jy mag nie met jou naaste se vrou gemeenskap hê en jouself so verontreinig nie." Mark.10:11-12 "Elkeen wat van sy vrou skei en met 'n ander een trou, pleeg egbreuk teen sy vrou. En as 'n vrou van haar man skei en met 'n ander een trou, pleeg sy egbreuk." Matt.5:27-28 "Julle het gehoor dat daar gesê is:'Jy mag nie egbreuk pleeg nie.' Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.'"* Getroue God, ons erken en bely dat ons land skuldig is aan **egbreuk**. Ons vra dat U ons sal vergewe vir ons ontrou, al was dit net in ons

harte. Genees en herstel die huwelike in _____ (naam van land of stad) en help ons om getrou te bly aan ons beloftes.

Dag 17 - *Lev.18:22 "Jy mag nie 'n homoseksuele verhouding hê nie. Dit is 'n afstootlike sonde." Rom.1:26,27 "Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n teen-natuurlike omgang. Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit."* Heilige Vader, ons erken en bely _____ (naam van land of stad) se sonde van **homoseksualiteit** en **lesbianisme** voor U. Ons verstaan van Romeine 1 dat hierdie perversiteit in ons land plaasvind, omdat ons U nie verheerlik as die Skepper nie. Ons vra dat U ons sal vergewe vir die onnatuurlike seksuele omgang wat gebruik word om wellus te bevredig. Ons vra vir genesing en bevryding vir diegene wat in hierdie sonde vasgeketting is. Herstel ons na die manne en vroue wat U na u Beeld geskape het sodat U verheerlik sou word.

Dag 18 – *Lev.18:23 "Jy mag met geen dier geslagsgemeenskap hê en jouself so besoedel nie. 'n Vrou mag dit ook nie doen nie. Dit is iets afskuweliks."* Skepper van hemel en aarde, ons vra om verskoning dat ons hierdie afskuwelike praktyke van **gemeenskap met diere**, in ons land toegelaat het. Vergewe ons asseblief. Ons is skaam Here, dat ons nasie so geredelik u beginsels verontagsaam. Ons bely ook voor U die sonde van **rituele seks** in satanisme, okkultiese praktyke en kulturele tradisies rakende vrugbaarheid. Vergewe ons asseblief en maak ons vry van hierdie gebondenheid. Vader, bestraf die gees van perversiteit in ons land en reinig ons van alle seksuele onreinheid.

Dag 19 – *Jer.3:2-3 "...en jy het die land verontreinig met jou onsedelikheid, met jou slegte gedrag. Daarom het Ek die reënbuie teruggehou en het die vroeë reëns nie gekom nie..."* Allerheiligste God, ons bely en erken die sonde van **prostitusie** voor U. Ons vra dat U ons sal vergewe vir die besoedeling van U tempel deur die verkoop van ons liggame. Bring asseblief bevryding vir dié wat in prostitusie vasgevang is. Ons vra, Here, dat U die mense wat met of sonder keuse hierin betrokke geraak het, sal genees en heeltemal sal herstel. Bring 'n oortuiging van sonde in die harte van diegene wat mans en vroue gebruik vir finansiële gewin. Ons bely ook ons

betrokkenheid in internetseks en dat ons allerhande vorme van seksuele onreinheid in die media verdra het. Reinig ons van seksuele onreinheid en giet U Gees van Heiligheid oor ons uit.

Dag 20 – *Klaagl.5:1,11,15 "Slaan tog ag op wat oor ons gekom het, Here, kyk tog en sien self hoe ons verneder is...Vrouens is in Sion verkrag, en jong meisies in die stede van Juda...Vrolikheid het uit ons lewe verdwyn, ons koordanse het plek gemaak vir rou."* Here, ons Skuilplek, soveel vreugde het uit harte verdwyn agv **molestasie** en **verkragting**. Ons erken dat niemand in ons land gevrywaar is van hierdie mishandeling nie. Here vergewe ons dat ons hierdie gees van wellus vrye toegang gee tot ons land en dat ons onverskillig staan hieroor. Bevry ons asseblief en ontbloot die werk van Satan in hierdie area, wat veroorsaak dat soveel mense ten gronde gaan. Bring genesing vir die slagoffers, oortuig die oortreders van hulle sonde en bring hulle tot geregtigheid en verlossing in Christus.

Dag 21 – *Heb.10:22 "...laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water."* Rein en Heilige God, ons het die bloed van Jesus Christus nodig om ons liggaam en siel te reinig van alle onreinheid as gevolg van **seksuele onsedelikheid**. Herstel ons identiteit as die Bruid van Christus. Ons wil graag ons liggame, as 'n aanbiddingsdaad aan U gee, as 'n lewende offer, heilig en aanneemlik vir U. Verwyder asseblief die vloek van geweld wat veroorsaak is deur seksuele onsedelikheid, van ons land. Leer ons om in nederigheid mekaar te eer en te dien, sonder om mag en gesag te begeer. Stort weer u guns oor ons uit.

Voorbeeld van gebed wat gebid kan word by spesifieke plekke van onsedelikheid bv. casino's, winkels uitsluitlik vir volwassenes, bordele, homoseksuele saamkom plekke, dele waar prostitusie beoefen word, plekke waar verkragtings plaasgevind het, ens.

Vader, deur u Seun, Jesus Christus, nader ons u troon van genade. Ons aanbid U as die Heilige Een, die God bo alle gode. U alleen is waardig om al ons lof te ontvang. Elke woord wat U spreek is rein en in U is daar geen onreinheid nie. Volgens u Woord, staan ons

samelewing skuldig voor U weens seksuele onsedelikheid. As u liggaam, aanvaar ons die skuld namens ons samelewing vir hierdie sonde. Ons het nagelaat om ons uit te spreek teen seksuele onsedelikheid en om mense te waarsku teen seksuele onreinheid. Ons bring nou ons samelewing voor U.

Bloedskande: Ons bely die sonde van bloedskande. Ons erken dat lede van families in ons samelewing nie altyd met die nodige respek rakende seksualiteit hanteer word nie. Ons bely dat baie kinders se beeld van U as Vader deur hierdie sonde verwring is. Ons vra dat U ons sal vergewe en ons bid dat U ons families sal reinig, dat U die gebrokenheid in menselewens sal genees en dat U seksuele reinheid in families sal herstel. Genees asseblief ons herinneringe en emosies wat deur hierdie verraad beskadig is.

Egbreuk: Getroue God, U wat Uself beskryf as “Israel se Man,” die “Bruidegom” wat ‘n fees vir U “Bruid” voorberei. Ons erken en bely dat menige gemeenskappe in _____ (naam van land of stad) skuldig is aan egbreuk. Ons vra vergifnis vir die ontrouheid van soveel mans en vrouens, selfs al is dit net in gedagte en nie in daad nie. Herstel asseblief die huwelike in ons gemeenskappe. Help ons om getrou te wees en ons huweliksbeloftes na te kom.

Losbandige seksuele gedrag (seksuele onreinheid bv. seks voor die huwelik)**:** Vader, U het vir ons definitiewe grense gestel in seksuele verhoudings. Ons bely seksuele losbandigheid as sonde in ons gemeenskap. Ons bely dat die media en ons moderne lewenstyl hierdie sonde as aanvaarbaar bemark. Ons vra U vergifnis en bid dat ons samelewing weer die gesag van u Woord rakende seksuele reinheid voor en in die huwelik, sal aanvaar.

Homoseksualiteit en Lesbianisme: Vader, ons bely die sonde van seksuele praktyke waar mans met mans omgang het, en vrouens met vrouens. Dit is nie iets wat U ingestel of verskoon het nie. Ons staan beskaam oor hoe ons nasie u beginsels verwerp het. Vergewe ons asseblief dat ons die sonde in ons land toegelaat het. Ons bely Here, dat ons die mense wat in hierdie sonde vasgevang is, menigmale geoordeel het, in plaas van om hulle te help om bevryding en genesing in U te vind. Gee ons asseblief insig en empatie vir dié wat in die kloue van die vyand vasgevang is. Ons bid dat U mense sal

oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel, en dat U ons land sal reinig van die vloek wat veroorsaak is deur seksuele perversiteit.

Prostitusie: Here, ons erken en bely die sonde van prostitusie voor U. Ons vra vergifnis vir die verkoop van ons liggame en die verontreiniging van u tempel. Ons vra dat U bevryding sal bring vir persone wat in prostitusie vasgevang is. Ons vra, Here, dat U diegene wat met of sonder keuse hierin betrokke geraak het, sal genees en heeltemal sal herstel. Bring ‘n sonde-oortuiging oor diegene wat mans en vroue gebruik vir finansiële gewin. Ons bely ook ons betrokkenheid in internetseks en dat ons verskeie vorme van seksuele onreinheid in die media verdra het. Reinig ons van seksuele onreinheid en giet u Gees van Heiligheid oor ons uit.

Pornografie: Vader, ons erken en bely die besoedeling van ons gedagtes met die pornografiese materiaal wat in winkels beskikbaar is en vrylik deur die media, in boeke, films, videos en lewendige vermaak en opvoerings, adverteer word. Ons erken dat ons deur hierdie praktyke ook skuldig is aan egbreuk en seksuele losbandigheid. Ons vra vergifnis vir hierdie sondes. Reinig ons gedagtes en emosies met die bloed van Jesus en maak ons gedagtes gehoorsaam aan u Woord. Ons vra dat U ‘n oortuiging van sonde sal bring deur die Heilige Gees en sal veroorsaak dat alle pornografie uit ons samelewing verwyder word. Ons bid. Here, dat U die mense wat in hierdie verslawing vasgevang is, sal bevry in die Naam van Jesus Christus.

Verkragting: Here, ons Skuilplek, ons bely hierdie sonde van seksuele molestering en verkragting in ons land voor U. Here vergewe ons ons onverskilligheid teenoor hierdie gees van wellus en die vrye toegang wat dié gees in ons land geniet. Bevry ons asseblief en ontbloot die werk van Satan wat veroorsaak dat soveel mense seerkry. Bring genesing vir die slagoffers en oortuig die oortreders van hulle sonde en bring hulle tot geregtigheid en verlossing in Christus.

Gemeenskap met diere: Vader, Skepper van alle dinge, ons bely voor U die afskuwelike praktyke van seksuele omgang met diere. Ontmasker die werke van duisternis. Oortuig mense wat op hierdie manier betrokke is by die aanbidding van ander gode, van die

reddende genade van Jesus Christus. Vader, verwyder asseblief die vloek wat hierdie sonde oor ons land gebring het.

Rituele seksuele handelinge: Vader, ons bely voor U die menige satanistiese en rituele seksuele optredes in okkultiese groepe en heidense gelowe. Ons erken dat baie van ons kultuurfeeste seksuele onsedelikheid aanmoedig deur perverse samekomste en rituele aan vrugbaarheidsgode. Ons vra dat U ons sal vergewe vir hierdie praktyke wat die land besoedel het. Ons bid, Here, dat U dié wat in hierdie sonde vasgevang is, sal oortuig van sonde en bevryding sal bring. Vader, ons vra dat U die mense in hierdie land/stad sal vrymaak van bindinge deur sataniese en okkultiese magte, asook die godsdienstige geeste van kulturele tradisies.

Vader, Rein en Heilige God, ons het die bloed van Jesus Christus nodig om ons liggaam en siel te reinig van alle onreinheid as gevolg van seksuele onsedelikheid. Herstel ons weer tot die Bruid wat U ons graag wil hê. Ons wil graag ons liggame aan U gee as ‘n aanbiddingsdaad, heilig en aanneemlik vir U. Verwyder asseblief die vloek van geweld wat veroorsaak word deur seksuele onsedelikheid, van ons land. Herstel gesondheid en verhoog ons lewensverwagting. Help ons om weer, as u liggaam, ons geestelike gesag uit te oefen in die terreine wat U vir ons gegee het om oor te heers. Leer ons om mekaar in nederigheid te eer en te dien, sonder om mag en gesag te begeer. Neem die vloeke wat op ons rus weens hierdie sondes, weg en stort weer U guns oor ons uit.

Verbreekte Verbonde/Ooreenkomste/Verdrae

Die God van die Bybel het Homself aan die mens openbaar as ‘n Verbonds-God. Vir Adam en Eva was Hy Elohim, die Skepper; aan Abraham het Hy verskyn as El-Shaddai, die Almagtige Een; vir Moses het Hy Homself voorgestel as Yahweh – “Ek is” - en uiteindelik het Hy Homself openbaar as die Verlosser (Messias), Jesus Christus. God het nooit Sy verbond met die mens verbreek nie, maar in Gen.3 lees ons hoe Adam en Eva, as verteenwoordigers van die mensdom, hulle verbond met God verbreek het deur ongehoorsaamheid. Dié ongehoorsaamheid het hulle duur te staan gekom. Die mensdom was

verdoem om buite God se tasbare teenwoordigheid te leef en om hul brood in die sweet van hul aangesig te verdien.

Elke keer wanneer God ‘n verbond met mense gesluit het, het Hy meer seëninge bygevoeg, maar Hy het ook die voorwaardes en beginsels baie duidelik gestipuleer. Sou ons kies om teen Sy verbond in te gaan, sal die vloek – instede van die seën – ons erfdeel word. Net soos God getrou is aan Sy verbond, verwag Hy dat ons, wat na Sy beeld geskape is, ook getrou sal wees in die verbonde wat ons sluit. Elkeen wat getroud is, het ‘n verbond gesluit met sy/haar maat om lewenslank getrou te wees. Egskeiding en egbreuk veroorsaak dat die huweliksverbond verbreek word. Daar is ‘n onuitgesproke ooreenkoms in gesinne dat die ouers hulle kinders sal versorg. Menige disfunksionele gesinne ly omdat hierdie onuitgesproke ooreenkoms verbreek is. Daar is ook ‘n onuitgesproke verbond tussen ‘n regering en die burgers van ‘n land. Wanneer die wette van ‘n land sommige mense bevoordeel en ander benadeel, word hierdie verbond ook verbreek.

Die gevolge van verbreekte verbonde is duidelik in die Bybel uiteengesit. Die aarde is verontreinig en kwyn weg (Jes.24:5,6), die grond is vervloek (Gen.3:17) en daar mag selfs hongersnood, oorlog en siektes wees weens hierdie sonde.

In die tyd van Joshua (Jos.9) het die Israeliete ‘n verbond gesluit met ‘n nasie in Kanaän. Die Israeliete het beloof dat hulle nie hierdie nasie sal uitroei nie. Drie honderd en tagtig jaar later, het Israel se eerste koning, Saul, hierdie verbond verbreek. As gevolg van hierdie gebroke verbond het God, aan die einde van Dawid se heerkappy (2 Sam. 21), ‘n hongersnood oor Israel gebring. Toe Dawid God raadpleeg oor die hongersnood, was die antwoord dat dit Sy oordeel is omdat Israel se vorige regering besluit het om die verbond te verbreek en bloedskuld op die land laat kom het. In Eseg.14:13 en 21 verduidelik God aan die profeet die ernstige gevolge as ‘n land aanhoudend in ontrouheid teenoor God leef. Dit neem vorm aan van die swaard (oorlog), hongersnood, wilde diere (ekologiese rampe) of peste (siektes). In die lig van hierdie openbaring moet ons na ons samelewing kyk en onderskei wat besig is om te gebeur. Kan dit wees dat God sommige van hierdie oordele toelaat agv ons mense se aanhoudende ontrouheid? Wat van epidemies soos VIGS, cholera,

malaria en bek-en-klou-seer? God is steeds die God van die Bybel. Alhoewel ons in ‘n tyd van genade leef, moet ons steeds na die Troon van Genade (Heb.4:16) gaan en vra vir ekstra genade in ‘n tyd van nood. By die Troon van Genade sal ons ons Hoëpriester, Jesus Christus, ontmoet. Dit is die plek waar Hy as ons Advokaat optree en vir ons intree, veral rakende die sondes van _____ (naam van land of stad). Kom ons vra Hom om Sy vergifnis oor ons uit te stort rakende die gebroke verbonde en ooreenkomste in hierdie land en sy mense.

Gebede rakende verbreekte verbonde/ooreenkomste/verdrae (Dag 22-28)

Die volgende gebede kan daagliks gebruik word in persoonlike stiltetye of in ‘n gebedsgroep:

Dag 22 – *Jes.24:5,6 “...want die aarde is verontreinig deur sy inwoners: hulle was ongehoorsaam aan die wet van die Here, hulle het Sy voorskrifte geminag, Sy vaste verbond verbreek; 6 daarom sal ‘n vloek die aarde verteer en sal sy inwoners boet vir hulle sonde...”* Here van die verbond, ons bely dat ons **skuldig is aan die verbreking van u verbond** met ons. Ons het nie u verordeninge nagekom nie en u wette geminag. Ons vra vergifnis en bid dat U die verbond wat U met ons het deur Jesus Christus, gestand sal doen. Verwyder asseblief die vloek wat oor ons gekom het deur ons ongehoorsaamheid aan u wette.

Dag 23 – *Jer.3:1 “Die Here vra:’Mag ‘n man as hy van sy vrou skei en sy hom verlaat en ‘n ander man se vrou word, na haar toe teruggaan? Sou die land nie vreeslik verontreinig word nie? En jy wat by so baie minnaars geslaap het, wil jy na My toe terugkom?’ vra die Here.” Mal.2:16 “Die Here die God van Israel sê Hy haat egskeiding. Egskeiding is niks anders as geweld nie, sê die Here die Almagtige. Beheers julle, moenie ontrou wees nie.”* Getroue God, ons bely en erken voor U ons skuld aan **egskeiding** in ons land. Soveel gesinne en lewens is verwoes weens hierdie sonde. Vergewe asseblief ons ontrouheid en selfsug deur nie die huweliksverbond en –geloftes te onderhou nie. Ons bid Here, dat U huwelike, gebroke verhoudings en gesinne, sal herstel. Vader, bring asseblief genesing vir dié wat verwond is weens hierdie sonde. Help ons om getrou te wees, om

mekaar te dien en ander hoër te ag as onsself. Gee ons ook die krag om versoekings te weerstaan en nie vir ander in die versoeking te lei nie.

Dag 24 – *2 Sam.21:1 In Dawid se tyd was daar 'n keer hongersnood wat drie jaar aanmekaar geduur het. Dawid het toe die Here geraadpleeg en die Here het geantwoord:"Dit is te wyte aan Saul en sy moordenaarshuis, want hy het van die Gibeoniete laat doodmaak." Jos.9:15 "Joshua het die Gibeoniete goed behandel en met hulle 'n verdrag gesluit dat hulle lewens gespaar sal word. Die leiers van die volksvergadering het dit met 'n eed bevestig."* Allerhoogste God, U wat die Bemiddelaar is van die nuwe verbond, ons bely dat _____ (naam van land of stad) skuldig is aan die **verbreking van verdrae**. Hierdie sonde het dikwels gelei tot bloedvergieting soos in die tyd van Saul. Vergewe ons dat ons nie ons woord eer nie en dat ons gevolglik soveel jare van pyn en hartseer moes verduur het en wraak, bitterheid, haat en geestelike hongersnood op onsself gebring het. Ons het u reiniging nodig en vra dat U hierdie skuld van ons sal wegneem deur die bloed van Jesus Christus. Help ons asseblief om ons met dié wat teen ons oortree het te versoen en restitusie te bring waar nodig.

Dag 25 – *Jes.10:1,2 "Ellende wag vir julle wat kwaad bevorder met die wette wat julle maak, wat met julle ordonansies mense laat ly, julle verdraai die reg van die armes, julle ontsê die armes van my volk hulle regte, julle buit weduwees uit, julle plunder weeskinders." Luk.11:46 Daarom antwoord Hy:"Julle wetsgeleerdes! Ellende wag vir julle ook, want julle laai ondraaglike laste op die mense, en self verroer julle geen vinger om die laste te dra nie." Spr.21:2 "In sy eie oë is alles wat 'n mens doen, reg, maar die Here toets die gesindheid."* Heerser oor die konings van die aarde, ons bely en erken dat _____ (naam van land/stad) skuldig is aan **onregverdige wette,** die **verdrukking** van mense**,** die **ontneming** van die **armes se regte** en die **weerhouding van geregtigheid**. Ons dra hierdie skuld sedert die tye van die eerste inwoners, heersers en konings in hierdie nasie. Ons vra om vergifnis. Giet u genade oor ons uit en help ons leiers om wyse besluite te neem. U sê in Spreuke 21:1 dat die wil van 'n koning onder u gesag staan. Lei die harte van ons leiers om u verordeninge na te volg.

Dag 26 – *Jer.22:13* *"Ellende wag vir hom wat sy huis met onreg bou, sy bokamers met minagting van die reg, vir hom wat sy mense sonder betaling laat werk, wat hulle nie hulle geld gee nie."* God van alle vertroosting, ons erken en bely die sonde van **uitbuiting** van die armes, teen mense wat nie hulle regmatige loon kry nie en dat ons mense vir ons eie gewin misbruik het. Openbaar alle korrupsie en die werke van die duisternis in finansies en ekonomie, en help ons om ons verantwoordelikheid teenoor die armes, behoeftiges, wese en weduwees na te kom. Ons bely ook die onreg wat gedurende die jare van slawerny plaasgevind het en die armoede en verdrukking wat daardeur gekom het. Verwyder van ons die skuld van ongeregtigheid en lei ons om restitusie te doen waar dit nodig is.

Dag 27 – *Hosea 4:1-3* *"Israeliete, luister na die woord van die Here, want Hy kla die inwoners van die land aan: 'Omdat trou, liefde en toewyding aan die wil van God ontbreek, het vervloeking, valsheid, moord, diefstal en egbreuk hand oor hand toegeneem en is die vergieting van onskuldige bloed aan die orde van die dag. Dit is waarom die land verdor en al die inwoners van dors versmag saam met die wilde diere en die voëls, en waarom selfs die visse vrek.'"* God van heerlikheid, ons erken en bely ons skuld van **ontrouheid, liefdelose gesindhede** en dat ons as 'n land, **U nie erken as ons God nie**. Ons bely die **gevloek**, die **leuens, moord, diefstal** en **egbreuk** waardeur ons die verbond met U, en met ander mense, verbreek het. Ons erken dat ons nie weet hoe om die vlaag van misdaad te hanteer nie, omdat ons nagelaat het om U en u gebooie, te eer. Vergewe ons asseblief en genees ons land.

Dag 28 – ***2 Kron.6:14*** *...en sê:"Here , God van Israel, in die hemel of op die aarde is daar nie nog 'n God soos U nie. U hou U aan die verbond en U bly getrou teenoor U dienaars wat met volle oorgawe voor U lewe."* *Jer.31:33* *"Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: 'Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.'"* *1 Kor.11:25,26* *"Net so ook het Hy na die maaltyd die beker geneem en gesê: 'Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.'"* Vader, ons kom, namens die mense in hierdie land na U toe in die

Naam van Jesus Christus. Dankie Here **dat U 'n God is wat u verbond onderhou** met dié wat U in volle oorgawe dien. Dankie dat U die Nuwe Verbond moontlik gemaak het vir ons almal, deur Jesus Christus se offer aan die kruis. Skryf asseblief u wette en Woord op ons harte en in ons gedagtes, sodat ons u weë sal volg in hierdie land. Ons vra dit op grond van die Nuwe Verbond wat Jesus, namens ons gesluit het, toe Hy Homself as 'n offer tot die vergewing van ons sondes gegee het.

Voorbeeld van gebed wat gebid kan word by plekke van ongeregtigheid, verbreekte ooreenkomste/verdrae, egskeiding, ens.

Vader, dankie vir Jesus Christus, dat Hy die weg gebaan het en deur Wie se bloed ons toegang tot U het. Dankie vir Jesus se bloed, die Nuwe Verbond en vir die belofte dat U ons sondes sal vergewe. Verbonds-God, U wat Uself geopenbaar het as Elohim, El-Shaddai, Yahweh, Jesus Christus en die Heilige Gees, ons kom na u troon van genade want ons het U hulp nodig. Ons erken en bely dat ons in Suid-Afrika verbonde met U en met mekaar, verbreek het. Ons bely dat ons as 'n volk nie altyd volgens U verordeninge en gebooie leef nie. Ons en ons voorgeslagte het van U weë afgedwaal en ons eie harte gevolg, en male sonder tal die pad van ongeregtigheid gekies. Vergewe ons asseblief.

Verbreekte verbonde/ooreenkomste/verdrae: Verbonds-God, ons bely dat _____ (naam van land) skuldig is, dat ons verbonde verbreek met mekaar. In die verlede het ons ooreenkomste met mekaar gemaak, maar weer gebreek deur misleidinge, leuens en selfs bloedvergieting. Ons bely die gebroke ooreenkomste tussen die Nguni stamme (Zoeloe, Swazi, Xhosa); die gebroke ooreenkomste tussen die Zoeloe en Sotho stamme; die gebroke ooreenkomste tussen die Xhosa, Zoeloe, Khoi en San stamme; die gebroke ooreenkomste tussen die Ndebele, Sotho en Tswana stamme; die gebroke ooreenkomste tussen die Zoeloe en Shangaan stamme; die gebroke ooreenkomste tussen die Venda en Pedi stamme; die gebroke ooreenkomste tussen die Europese setlaars en die Khoi stamme; die gebroke ooreenkomste tussen die Europese setlaars en die Xhosa stamme; die gebroke ooreenkomste tussen die

Voortrekkers en die Zoeloes; die gebroke ooreenkomste tussen die Britte en die Zoeloe en Xhosa stamme; die gebroke ooreenkomste tussen die Britte en Afrikaners; die gebroke ooreenkomste tussen die Afrikaners en die etniese volke van Suid-Afrika; die gebroke ooreenkomste tussen _____ (enige verbond/ooreenkoms/verdrag tussen bevolkingsgroepe waarvan u bewus is). Ons vra vir die bloed van Jesus om hierdie vloek wat op die land rus weens hierdie sonde, te kanselleer. Here, stop asseblief die siklusse van haat, wraak en bitterheid weens hierdie verbreekte ooreenkomste. Bring genesing en versoening tussen die bevolkingsgroepe en herstel die gawe van versoening in _____ (naam van land/stad). Help ons om hierdie gawe te aanvaar en om mekaar, en die nasies van die wêreld met versoening te seën. Kom bou 'n Huis van Gebed in hierdie land wat in eenheid voor u troon sal staan. Laat u wil in _____ (naam van land/stad) geskied.

Onregverdige wetgewing en beleidstoepassing: (Ons het nie al die onregverdige wette in hierdie gebed ingesluit nie. Volg asseblief die leiding van die Heilige Gees wanneer julle hieroor bid). Vader, as _____ (jou eie etniese groep), bely ons hierdie onregverdige wette in ons eie en in die vorige regerings. Ons erken en bely dat baie van hierdie wetgewing mense van hulle basiese regte voor U beroof het: bv. die wet op Slawerny, wet op Bevolkings- registrasie (1950) en die wet op Gemengde Huwelike (1949). Ons bely en erken dat hierdie wette bevooroordeeld staan teenoor sekere rassegroepe en dat dit diskriminasie en haat tussen etniese groepe veroorsaak het (bv. Glen Grey Akte van 1894). Ons erken en bely die wette wat mense verneder het, selfs tot op 'n dierlike vlak (bv. die paswette en Afscheidingsbeleid van 1846). Ons erken en bely die wette wat mense vervreem het van hulle eie land en eiendom; Groepsgebiede Wet (1950) en die Wette oor Grondbesit van 1913 en 1936. Ons erken en bely die wette van onreg teenoor vreemdelinge in ons land. Ons erken en bely enige anti-Semitiese beleid/wetgewing in die verlede en vandag. Ons erken en bely die wette wat in stryd met u Woord is: Wettiging van aborsie (1994) en die wettiging van dobbelary en die lotery (insluitende die Bonus-obligasies). Ons erken en bely die onregverdige wette wat onskuldige bloedvergieting veroorsaak het (bv. die wet wat Shaka na sy ma se dood ingestel het en wat duisende verwagtende vroue se dood veroorsaak het). Ons erken en bely die stamwette van _____ (jou eie etniese groep), wat in

stryd is met U woord. Ons erken en bely die wette wat mense se vertroue in U verraai het.

Egskeiding: Getroue God, ons erken en bely ons skuld voor U rakende egkeiding in _____ (naam van land/stad). Ons het afgestomp geraak teenoor die gevolge van hierdie verbreekte ooreenkomste, terwyl soveel gesinne vernietig en lewens verwoes is weens hierdie sonde. Vergewe ons ontrouheid en selfsug deur nie die huweliksverbond en -eed na te kom nie. Ons bid Here, dat U huwelike sal herstel, dat U die stukkende families en lewens sal heelmaak en dat U genesing sal bring vir die wat verwond is. Help ons, Here, om getrou te bly, om mekaar in liefde te dien en om versoekinge te weerstaan. Herstel die vaders as die priesters van hulle gesinne en bring die moeders en kinders onder die beskerming van die hoof van die gesin.

Ongeregtigheid/onregverdigheid: Vader, ons kom na U om al die onregverdighede in ons samelewing voor U te bely. Ons erken en bely die gevloek, die leuens en die diefstal in ons samelewing. Ons erken en bely die wetteloosheid wat hoogty vier. Ons erken en bely die veelvuldige maniere wat ons land se wette verbreek word deur onverskilligheid, roekeloosheid, onverantwoordelikheid en minagting van die wet. Ons erken en bely dat ons sekere dele van die samelewing (bv. die bejaardes en kinders) verwaarloos het. Ons erken en bely ons gevoelloosheid teenoor dié wat swaarkry onder armoede en siekte. Ons erken en bely dat ons ons tiendes weerhou het van U voorraadkamers, en daardeur veroorsaak het dat mense in nood nie gehelp kon word nie. Ons erken en bely dat ons eerder ons eie gemak bevorder het as om die laste van ons medemens te dra. Vader, ons vra dat U weer ons geestelike “sig” vir ons sal teruggee, dat ons sal sien wat U sien, sal voel met u hart en sal help met u hulp. Help ons om verantwoordelikheid te aanvaar teenoor die wat in nood is, dat ons sal voorsien in hulle behoeftes soos wat u Woord dit sê. Mag die Kerk waarlik u verteenwoordiger in _____ (naam van land/stad) word.

Vader, as u liggaam, wil ons verantwoordelikheid opneem vir _____ (naam van land/stad), om vir die regering te bid en om namens U te praat. Gee ons asseblief die moed om op te staan vir wat reg is, om onsself uit te spreek teenoor dit wat verkeerd is en om

op te staan vir dié wat verdruk word en verontreg is. Bevry ons van die skuld van ongeregtigheid, verbreekte ooreenkomste en stukkende verhoudings. Reinig ons met die bloed van Jesus Christus en bring genesing en herstel vir ons nasie. Verwyder die vloek van ons land en herstel die grond met ‘n Goddelike vermoë om voedsel te produseer. Vernietig alle boosheid en heidense invloede wat ons land binnegekom het weens hierdie verbreekte ooreenkomste. Bring gesondheid vir ons mense en laat u aangesig oor ons skyn sodat ons u guns kan ontvang. Mag U Naam verheerlik word in _____ (naam van land/stad). Mag ons ‘n volk word wat U in geregtigheid aanbid en dien. Mag ons geseënd genoem word weens die goeie wat U na ons toe sal bring. Giet u Gees uit oor ons land, in die Naam van Jesus Christus, ons Hoëpriester.

Afgodery

Afgodery is ‘n sonde teen God self. Hy sien dit in die lig van geestelike egbreuk. Afgodery is om enige mens of voorwerp te aanbid of as “god” te vertrou, eerder as die God wat Homself deur die Bybel geopenbaar het. Dit is hierdie sonde wat God genoodsaak het om die volgende wet te maak: ”Jy mag nie vir jou ‘n beeld of enige afbeelding maak…nie…Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van die wat My haat...” (Eks.20:4,5).

Die God van die Bybel is ver verhewe bo enige ander god wat deur mense en nasies aanbid word. Hy is Heilig en Almagtig. Hy leef in ontoeganklike lig. Daar is geen leuen of spoor van duisternis in Hom nie. Hy is rein en betroubaar. Hy is getrou en waar aan Sy Woord. Hy is goed. Hy is die enigste God wat Homself geoffer het om ‘n weg te maak sodat mense Hom kan aanbid. Hy is die enigste God wat namens mense die prys vir sonde betaal het om hulle te seën met verlossing en ewige lewe. Hy is die enigste God wat nie deur die grense van tyd, ruimte en geskiedenis ingeperk word nie. Hy is die Begin en die Einde. Ons kan Hom met ons lewens vertrou. In Hom is daar lewe, oorvloedige vreugde, bemoediging, liefde en die beloftes van Sy verbonde. Hy is waardig om die God van die hele aarde te wees. Niks kan met Hom vergelyk word nie. Wat ‘n belediging om iets

of iemand anders te aanbid as die Ware God, of om die Skepper en God van die heelal te vervang met ‘n valse god.

‘n Afgod is enige iets wat aanbid word instede daarvan om God te aanbid. Van die vroegste voorwerpe van aanbidding, gesien as simbole van die gode wat dit verteenwoordig, was meteoriese klippe, wat die antieke beskawings aangesien het as afbeeldings van die gode, van die hemel afgestuur (bv. die swart klip wat aanbid word in die Ka’aba in Mekka). Ander afgode sluit in gewyde pilare of pale, wat opgerig word in prominente plekke (bv. gedenknaalde en obeliske by monumente), klippe (bv. natuurlike gesteentes wat aanbid word of staande klippe wat uit rots gekap is), bome (bv. Boabab of pilare opgerig om bome te verteenwoordig), die son, maan, sterre, diereriem, monumente, waar blomme neergelê of geld uitgegooi word, afbeeldings wat geestelike magte verteenwoordig (bv. totem diere van Afrika nasies, maskers, juwele, tatoeëring ens.).

Afgodery omsluit ook die idees en ideologië wat in die hart van die mens lewe en wat teen die kennis en Woord van God staan (2 Kor.10:5). Dit sluit in die aanbidding van die mens (bv. humanisme, demokrasie of heldeverering); gierigheid (materialsime); idealisme (bv. komminisme); nasionalisme en patriotisme (bv. wanneer die nasie meer belangrik as God word). Dit omsluit ook godsdienstige sisteme wat ontken dat die Woord van God sê: “Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie, [behalwe die Naam van Jesus nie].” (Hand.4:12).

God het baie duidelike riglyne gegee rakende die kwessie van afgodery. Sy wet was dat **geen** afbeeldings gemaak moet word om te aanbid nie (Eks.20:4) en dat selfs die naam van ‘n ander god nie genoem mag word nie (Eks.23:13). Hy het dit duidelik gestel dat Hy **nie** deur ‘n afbeelding aanbid mag word nie (Deut.4:16-19). God het ons ook gewaarsku van die vloek wat oor jou sal kom indien jy ‘n afbeelding of afgod, wat gebruik word in aanbidding of self aanbid word, in jou huis as ‘n ornament inbring (Deut.7:25-26). Al is hierdie afbeeldings of voorwerpe, wat gebruik word om valse gode of geeste van alternatiewe godsdienste te vereer, gemaak van hout, klip of metaal, is dit besoedelde voorwerpe wat gebruik word in die aanbidding van demoniese magte (1 Kor.10:19,20). God is nie

tevrede om sulke voorwerpe in Sy teenwoordigheid te hê nie (Eseg.8:9,10). Hy het dit ook baie duidelik gemaak dat geen voedsel aan ander gode geoffer mag word nie (Eks.34:14,15; Hand.21:25; 1 Kor.8:4-13; 1 Kor.10:19-21). God veroordeel enige vorm van kommunikasie met die geesteswêreld deur mediums, familiêre geeste (Lev.20:6), afgode, beswerings of waarsêery, insluitende hekse en toordokters (Jes.19:3; Eseg.13:18,23).

Wanneer mense afgode aanbid verwerp hulle God. God se Woord is baie duidelik dat alle mense Hom geken het maar gekies het om valse gode te dien (Rom.1). Wanneer 'n nasie in aanhoudende ontrouheid teenoor God optree, spesifiek deur die aanbidding van valse gode, verwyder God Sy guns van die land en bring Sy oordeel deur oorlog, hongersnood, ekologiese rampe of siektes. God het van Israel verwag om alle altare en afbeeldings van ander gode te vernietig en om alle herinneringe aan die bestaan van die valse aanbidding uit te wis (Deut.12:3). Omdat Israel nie gehoorsaam was nie, het hulle in die vangnet van ander gode beland en het hulle, as 'n volk, onder God se oordeel gekom (Rigt.2:2).

Een van die eerste kere wat God humanisme veroordeel het, was in Gen.11 toe die mense, wat rondom Babel vergader het om vir hulleself 'n naam te maak, oor die aarde heen verstrooi is. God waarsku herhaaldelik dat ons nie ons vertroue in ons eie planne, of dié van ander mense, moet plaas nie (Ps.33:10;Jes.30:1; Jer.18:12; Rom.12:1,2), maar om na Hom te kom vir raad.

Gebede rakende afgodery (Dag 29-49)

Dag 29 – *Jer.2:5 "So sê die Here: 'Waarin het ek gefaal dat julle voorvaders van My af weggedraai het, dat hulle nikswerd afgode gedien het en so self niks geword het?'" 2 Kor.6:16 "Hoe kan 'n ooreenkoms tot stand kom tussen die tempel van God en afgode? Ons is immers die tempel van die lewende God. Dit is soos God gesê het: 'Ek sal onder hulle woon en wandel, en Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.'"* Here, U is die God bo alle gode en die Koning bo alle konings. U is die Almagtige God, Ewige Vader, die Regverdige Een. Ons erken en bely dat ons en ons voorgeslagte **ontrou** was aan U. Ons het **voor ander gode gebuig** in hierdie land en U so tot woede aangespoor. Ons het toegelaat dat ons harte

weggelok word deur die gode van **materialisme, gierigheid, gemak** en **tradisie**. Ons buig voor U as die enigste Een wat waardig is om ons lof te ontvang. Vader, dis ons begeerte om as 'n land weer na U toe terug te keer en U as ons God te ken. Ons wil ons aan u weë onderwerp. Vergewe ons ontrouheid teenoor U.

Dag 30 – *Jeremia.3:9 "Dit was vir Israel niks om haarself en die land te verontreinig nie, sy het owerspel gepleeg met afgodsbeelde van klip en hout." 2 Konings 17:9-11 "Die Israeliete het die Here hulle God toegedig wat nie waar is nie en toe vir hulle hoogtes gebou oral waar hulle gewoon het, van plekke af waar net 'n wagtoring was, tot in die vestingstede. Hulle het klippilare en gewyde pale opgerig op elke hoë rant en onder elke groen boom. Op elke hoogte het hulle wierookoffers gebring net soos die nasies wat deur die Here verdryf is om vir die Israeliete plek te maak. Met die verkeerde dinge wat hulle gedoen het, het hulle die Here uitgetart." Rom.1:23 "In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange."* Vader, ons erken en bely ons skuld aan **afgodery** in _____ (naam van land/stad). Ons erken en bely voor U elke plek waar 'n **afbeelding** van ander gode of van mense, opgerig is en wat nie tot u verheerliking is nie. Ons erken en bely die menige **gewyde pilare** en **gedenknaalde** wat opgerig is in ons land, asook die **aanbidding van klippe en bome** deur gelowe wat nie Jesus Christus aanroep as hul Verlosser nie. Here, stort u genade oor ons as 'n land uit en bevry ons van hierdie sonde en slawerny deur die bloed van Jesus Christus.

Dag 31 – *Jes.19:3,4 "Egipte se planne sal tot niet gaan, Ek sal sy planne verydel. Hulle sal gode gaan raadpleeg, besweerders, mediums, spiritiste. Ek sal die Egiptenaars oorgee in die mag van 'n harde regeerder, 'n streng koning sal oor hulle heers, sê die Here die Almagtige, die Koning." 1 Kron.10:13-14 "Saul is dood oor die troubreuk wat hy teenoor die Here begaan het deurdat hy aan die bevel van die Here ongehoorsaam was, en ook deurdat hy raad gevra het by 'n gees in plaas van die Here te raadpleeg. Daarom het die Here hom doodgemaak en sy koningskap laat oorgaan op Dawid seun van Isai."* Vader, ons erken en bely dat ons **mediums** en **fortuinvertellers** geraadpleeg het oor ons toekoms. Ons erken dat dit 'n sonde in u oë is. Vader, vergewe ons dat ons nie vir U geraadpleeg het nie, U wat alle mag besit en U wat die Vader van ons Here Jesus

Christus is. Ons bely hierdie sonde voor U en vra dat U ons sal vergewe deur die bloed van Jesus Christus. Herstel ons verhouding met U asseblief.

Dag 32 – *Ps.52:9 "Dis nou die man wat nie op God se krag wou steun nie, maar op sy eie rykdom vertrou het en hom sterk wou maak deur inhaligheid." Jes.5:8 "Ellende wag vir julle wat huis na huis inpalm, die een plaas na die ander in die hande kry, totdat daar geen plek vir ander oorbly nie en net julle grondeienaars in die land is." Luk.12:15 Toe sê Hy vir hulle: "Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie." Kol.3:5 "Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is."* Vader, ons erken en bely die sondes van **gierigheid** en **materialisme** in ons land. Ons bely dat ons nie na die armes omgesien het nie, maar net goed vir onsself bymekaar gemaak het. Ons erken en bely dat ons rykdom nagejaag het, instede om dit in U te vind. Ons het die godin van geluk en dobbelary vertrou om in ons behoeftes te voorsien, en nie vir U nie. Vergewe ons asseblief en reinig ons deur die bloed van Jesus Christus, ons Hoëpriester.

Dag 33 – *1 Kron.16:26 "Al die gode van die volke is niks: dit is die Here wat die hemele gemaak het."* Vader, U wat die hemele gemaak het, ons erken en bely die sondes van **nasionalisme** en **patriotisme**. Ons bely dat ons in ons eie weë vertrou het om ons toekoms in _____ (naam van land/stad) te verseker. Ons bely dat ons dit hoër geag het om as _____ (eie etniese groep) bekend te staan, as om deel te wees van U koninkryk. Vergewe ons asseblief in die Naam van Jesus.

Dag 34 – *Lev.19:26 "Julle mag nie aan heidense offermaaltye deelneem nie. Julle mag nie waarsêery en towery beoefen nie." Deut.18:10-11 "Daar mag nie iemand by jou wees wat sy seun of dogter as offer laat verbrand nie. Daar mag nie 'n besweerder by jou wees nie en ook nie 'n towenaar of iemand wat voortekens lees of 'n goëlaar of 'n slangbesweerder of iemand wat geeste om inligting vra en dooies raadpleeg nie."* Vader, ons erken en bely die **waarsêery** en **towery, interpretasie van voorbodes** (bv. dolosse gooi en kaartlees), **heksery** en **plaas van vloeke** in ons land, as sondes in u

oë. Vergewe ons asseblief en maak ons vry van hierdie gevangeneskap deur die bloed van Jesus Christus. Bring deur u Heilige Gees ‘n oortuiging van sonde, geregtigheid en oordeel.

Dag 35 – *Deut.12:2-4* *“Vernietig elke plek waar die nasies vir wie julle gaan verdryf, hulle gode gedien het: op hoë berge, op heuwels en onder elke groen boom. Breek hulle altare af, breek hulle klippilare stukkend, verbrand hulle gewyde pale, vernietig hulle afgodsbeelde en verwyder elke teken van hulle bestaan uit die land uit. Julle mag nie die Here julle God dien op die manier waarop ander nasies hulle gode dien nie.”* Vader, ons erken en bely die **afgodsaanbidding** van die **berge, heuwels, riviere, valleie, oseane** en **woude** in ons land. Ons bely die aanbidding van **klippe** en **bome**, die oproep van **water en aardgeeste**. Ons erken dat U die enigste ware God is en dat U nie op hierdie maniere aanbid word nie. Vergewe ons asseblief en reinig ons met die bloed van Jesus Christus, u Seun, wat in ons plek aan die kruis gesterf het.

Dag 36 – *Deut.4:19* *“Wanneer julle na die hemelruim opkyk, die son, die maan en die sterre, enige hemelliggaam, moet julle nie julle hoop op hulle vestig nie. Moet julle nie laat verlei om hulle te vereer en te dien nie. Die Here julle God het hulle toegeken aan al die volke op die aarde.”* Here God wat die hemel gemaak het, asook die son, maan, sterre en planete, ons buig voor U as die enigste ware God. Ons erken en bely dat die **son, maan, sterre planete aanbid word** in _____ (naam van land/stad). Ons bely, Here, dat hierdie hemelliggame gebruik word om mense se lewens te beheer en hulle toekoms te voorspel. Vergewe ons en bevry ons van hierdie praktyke. In die Naam van Jesus Christus kanselleer ons alle voorspellings oor ons lewens, die lewens van ons kinders en van die volgende geslagte. Ons bid Here, dat u Heilige Gees ‘n oortuiging van sonde, geregtigheid en oordeel in ons land sal bring.

Dag 37 – *Eseg.23:37* *“Hulle het owerspel gepleeg met hulle afgode en hulle het boonop hulle kinders wat hulle vir My in die wêreld gebring het, as offers laat verbrand.”* Vader van die mensdom, ons erken en bely al die verskillende maniere waarop ons **kinders** aan die **“afgode”** van **dwelms, seks, okkultiese praktyke** en **mammon, geoffer** word. Versoen die harte van die vaders (en moeders) met die kinders, en die harte van die kinders met hulle ouers. Herstel die

families en huise in ons land weer tot veilige hawens waar kinders u weë kan leer ken en U kan ontmoet.

Dag 38 – *Jer.14:22 "Is daar onder die nikswerd gode van die nasies een wat laat reën, wat die hemel sy reën kan laat gee? Is dit nie U wat dit doen nie, Here ons God? Ons vertrou op U, want dit is U wat al hierdie dinge doen."* Vader, ons erken dat U die enigste God is wat reën kan bring en ons land met goedheid kan seën. Ons plaas ons hoop in U en in U alleen. Ons erken en bely dat daar **reënmaak rituele** in ons land gedoen word. Vergewe ons asseblief en verwyder die vloek wat hierdie praktyke oor ons bring, in die Naam van Jesus Christus. Stort u Gees uit oor hierdie land en bring ons tot oortuiging van sonde, geregtigheid en oordeel.

Dag 39 – *Deut.7:25,26 "Jy moet hulle afgodsbeelde verbrand. Moenie die silwer en goud wat aan die beelde is, begeer en vir jou vat nie. Jy kan daardeur in 'n valstrik trap: die afgodsbeelde is afskuwelike goed in die oë van die Here jou God. Moenie iets so afskuweliks in jou huis inbring nie, want dan is jy gedoem om vernietig te word. Jy moet dit verafsku en as afskuwelik beskou; dit moet vernietig word."* Here, ons erken en bely dat ons **afbeeldings van ander gode in ons huise** toegelaat het. Ons erken en bely ook dat ons ons gedagtes toegelaat het om besoedel te word deur die afgodsbeelde in die media en op televisie. Reinig ons asseblief met die bloed van Jesus. In die Naam van Jesus Christus weerstaan ons die aanslag van afgodery in die media in ons samelewing. Bevry ons van hierdie dinge asseblief.

Dag 40 – *Jes.28:15 Julle sê:"Ons het 'n ooreenkoms met die dood, ons het 'n verstandhouding met die doderyk; wanneer die vloed aangestroom kom, sal hy ons nie tref nie. Ons het die leuen ons skuilplek gemaak, ons kruip veilig weg agter die valsheid!" Ef.5:12-13 "Dit is 'n skande om selfs te praat oor die dinge wat die ongehoorsame mense in die geheim doen. Maar alles word aan die kaak gestel wanneer die lig daarop val."* Vader van Lewe, ons erken en bely die bestaan van **geheime organisasies** in ons land wat duisende mense in gevangenskap hou. Ons bid dat U die werke van die duisternis aan die kaak sal stel en hierdie mense vrymaak. Ons erken en bely die aanbidding van Satan in die rituele van **Vrymesselary** en **inisiasie-seremonies**. Vergewe ons asseblief en

breek die vloek van dood wat oor ons gekom het, deur ede wat deur soveel van ons leiers en vaders afgelê is.

Dag 41 – *Deut.18:10 "Daar mag nie iemand by jou wees wat sy seun of dogter as offer laat verbrand nie. Daar mag nie 'n besweerder by jou wees nie en ook nie 'n towenaar of iemand wat voortekens lees of 'n goëlaar..."* Vader, Ons erken en bely voor U die menige **okkultiese rituele**, soos om op die kole te loop en die oproep van geeste, in ons land. Ons gebed is dat U u Gees oor ons sal uitstort en dat U ons sal reinig van alle ongeregtigheid. Bring 'n oortuiging van sonde oor die mense in ons land.

Dag 42 – *Jes.65:3,4 "Hierdie volk beledig My gedurig in my gesig, hulle bring soos heidene offers in tuine en brand wierook op hulle altare. Hulle sit tussen die grafte en bly snags in geheime plekke."* Here God, ons erken en bely die **satanistiese praktyke** wat in ons land beoefen word. Openbaar hierdie werke van die duisternis en bring dit na die lig. Bring die mense wat in hierdie web van Satan vasgevang is na vryheid in Jesus Christus.

Dag 43 – *Jes.5:21 "Ellende wag vir dié wat dink hulle het die wysheid in pag, wat dink hulle het baie verstand." Jer.7:24 "Maar hulle het nie geluister nie en hulle aan My gesteur nie. Hulle was hardkoppig en moedswillig, hulle het hulle eie kop gevolg, sodat hulle versleg het in plaas van te verbeter." Jer.17:5 So sê die Here: "Daar rus 'n vloek op die mens wat sy vertroue in mense stel, wat sy krag soek by sterflike mense en van My af wegdraai."* Vader, ons erken en bely dat ons in _____ (naam van land/stad) ons oë van U afgehaal het en **mense vertrou** het om ons te red. Ons was wys in ons eie oë en ons erken hierdie sonde voor U vandag. Vergewe ons asseblief dat ons toegelaat het dat **humanisme** en **demokrasie** ons harte beheer. Kom Here, en regeer U weer in ons harte.

Dag 44 – *Rom.2:23,24 "Jy wat jou op die wet beroem, doen jy God nie oneer aan deur sy wet te oortree nie? Inderdaad, soos daar geskrywe staan, 'as gevolg van julle optrede word die Naam van God deur die heidennasies belaster.'"* Here God, as die Kerk in _____ (naam van land/stad), erken en bely ons dat baie mense U nie wil volg nie omdat ons in die verlede 'n **verkeerde beeld van U** uitgestraal het. Ons wil regmaak wat ons verbrou het en na U toe

terugkeer. Reinig ons van ons ongeregtigheid en sonde en verwyder dit ver van ons, soos wat U belowe het.

Dag 45 – *Obad.1:3* *"Jy is deur jou vermetelheid mislei, jy wat daar in die klipskeure sit, wie se woonplek hoog in die berge is, jy wat dink: wie sal my hier afkry grond toe?"* El-Shaddai, Allerhoogste God, ons erken en bely die **hoogmoed** wat ons koester. Ons is trots en hoogmoedig dat ons as 'n nasie ander nasies kan lei na sukses, terwyl ons eintlik niks het om in te roem nie. Ons bely dat daar eintlik niks is waaroor ons kan spog in ons land nie. Ons het U nodig om ons God te wees. Vergewe ons dat ons vasklou aan valse sekuriteite en dat ons op ons eie insigte staat maak. Herstel ons na 'n posisie waar ons weer in verhouding met U kan staan.

Dag 46 – *Eseg.16:49* *"Jou suster Sodom se sonde was dat sy en haar dogters selftevrede en rustig in hoogmoed en oorvloed geleef het en vir die mens in nood en die arme niks oorgehad het nie."* Vader, ons bely dat ons **onaangeraak** is deur die behoeftes van die armes en dié wat in nood is. Ons is **arrogant, selftevrede**, gewoond aan 'n **luukse lewe** en **plesier**. Vergewe ons dat ons maak asof ons nie ander se nood raaksien nie. Gee ons u hart vir dié in nood en die armes, sodat ons sal uitreik en hulp verleen.

Dag 47 – *Ps.106:6,8* *"Ons het gesondig, net soos ons voorvaders, ons het verkeerd gedoen, ons is skuldig.....Maar Hy het hulle gered ter wille van die eer van sy Naam en om Sy mag bekend te maak."* Vader, ons staan op die **verbondsbeloftes** wat U gemaak het in u Woord. Ons het erken dat ons gesondig het, net soos ons vaders ook gesondig het, en ons bely hierdie sondigheid voor U. Red ons Here, vir u Naam's ontwil. Laat u aangesig weer oor _____ (naam van land/stad) skyn en bring weer u guns oor ons land.

Dag 48 – *Jes.8:19* *"Mense sê julle moet mediums en spiritiste raadpleeg wat fluister en mompel, maar moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie? Waarom sou 'n mens dooies in belang van lewendes raadpleeg?"* Vader, ons staan vandag voor U troon **om van die Lewende God te hoor**. Wat is u begeertes vir hierdie land en vir sy mense? Ons wil u weë en verordeninge volg. Verwyder van ons die vloek van afgodery. Kom terug na ons toe en openbaar u

Teenwoordigheid aan ons, sodat die wêreld sal weet dat daar ‘n Lewende God in _____ (naam van land/stad) is.

Dag 49 – *Ps.33:12 “Dit gaan goed met die nasie wie se God die Here is.”* Ons buig ons neer voor die Vader van ons Here Jesus Christus. Ons glo in U en **bely dat ons U alleen sal aanbid**. Ons **onderwerp** ons **as ‘n volk** voor U en ons **nooi U uit om die God van _____ (naam van land/stad) te wees**. Here, onthou die Verbond wat U met ons het deur Jesus Christus. Laat die bloed van Jesus op die altaar in die hemel namens ons getuig. Onthou ons op grond van U belofte in Lev.26:40-42. Kom asseblief en genees ons land. Kom en maak _____ (naam van land/stad) U woonplek. Stort U Gees uit in hierdie land en laat u Naam in _____ (naam van land/stad) verheerlik word.

Voorbeeld van gebed wat gebruik kan word by plekke van afgodery

Vader, U het Uself aan u volk Israel openbaar as Yahweh. U het die Naam van Jesus Christus gegee as die enigste Naam in die hemel en op aarde deur Wie mense gered en in ‘n verhouding met U herstel kan word. Ons buig neer voor u troon. Ons bely dat U die enigste ware en lewende God is en dat daar geen god naas U is nie. U alleen is die Skepper van alle dinge in die hemel en op aarde. U is die Heilige Een, die Almagtige Een voor wie elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Jesus Christus die Here is. Ons erken U as ons God en ons onderwerp ons aan U en u weë.

Baie dankie vir die bloed van Jesus Christus wat in die hemel namens ons getuig in die Nuwe Verbond. Ons roep Jesus Christus aan as ons Hoëpriester en ons Advokaat om namens _____ (naam van land/stad) voor die Vader in te tree. Ons erken ons skuld aan afgodery in ons land. Ons erken en bely die verskillende vorme van afgodery waarin ons en ons voorgeslagte betrokke was. Ons roep uit na U vir genade en ons pleit om vergifnis in die Naam van Jesus Christus. Ons is jammer, Here, dat ons U as ons God verwerp het en dat ons ons knieë voor ander gode gebuig het. Vergewe ons asseblief en laat u aangesig weer oor _____ (naam van land/stad) skyn.

Ons bely die aanbidding van **mammon** deur **materialisme, gierigheid, dobbelary** en **lotery**. Ons bely die **aanbidding van Satan** en die **dood** deur **Vrymesselary**. Ons bely die aanbidding van _____ (noem die god wat in jou area aanbid word, bv. Nonqumbulwana, Mujaji, Du (die eland- reëngees), Heitse Ebib, Isanusi, Tokoloshe, voorvaders, Jah-Bul-On, Mwari, krokodil, olifant ens.). Ons bely die **aanbidding van klippe**, **bome**, **heuwels**, **valleie**, **riviere**, **mere** en **oseane**. Ons bely die **aanbidding van monumente** vir die **dood,** monumente vir **Romeinse en Griekse gode en godinne van oorlog en monumente** vir die **helde** in ons geskiedenis. Ons bely dat ons **afbeeldings** van ander gode in ons huise, kerke en publieke geboue, toegelaat het. Ons bely dat ons **okkultiese tekens** in ons stede, dorpe en geboue gebruik het. Ons erken en bely die **aanbidding van die son, maan, sterre en planete** deur fortuinvertellings, waarsêery en ander praktyke. Ons bely die verskeidenheid maniere waarmee die jeug in **Satanisme** en ander **kulte** ingetrek word.

Ons bely die vele maniere waarop **kontak** gemaak word met die **geestelike magte** deur **mediums, spiritiste, toordokters, hekse, besweringe, hipnose, musiek, dromme** en deur enige **ander okkultiese praktyk**. Ons bely **die heksery, towery, wit en swart magi** in ons samelewing. Ons bely die verskillende maniere van **waarsêery** deur die gooi van dolosse, lees van tarotkaarte, palmlees, horoskope ens. Ons bely die **plaas van vloeke** op ander mense, etniese groepe en nasies. Ons bid dat U elkeen van hierdie vloeke sal kanselleer en hulle krag sal breek, deur die bloed van Jesus Christus. Ons bely die **feeste** wat deure oopmaak vir okkultiese praktyke om in ons samelewing te kom nes skrop. Ons bely die kunswerke wat u Naam oneer aandoen. Ons bely enige **kultuurpraktyke** wat in stryd is met u Woord (noem dit by naam bv. loop op kole, reënmakery ens.). Ons bely al die **bygelowe** van kultuur en tradisie (noem dit by naam, bv slange en voorgeslagte, met die helm gebore ens.). Ons bely dat ons meer op ons tradisies gefokus het as op U en u weë. Ons bely dat ons **u Woord gebruik** het om ons manier van **aanbidding in ons eie kultuur, te regverdig**. Ons bely die verskillende maniere waarop ons die **boodskap van Jesus** en die Heilige Gees **verdraai** en ingekleur het met ons kulturele tradisies.

Ons bely die **aanbidding van die mens** deur **humanisme** en **demokrasie**. Ons bely dat ons **wys was in ons eie oë** en ons eie paaie gevolg het om ons identiteit te beskerm. Ons bely dat ons hierdie **land aanbid het deur patriotisme** en ons bevolkingsgroep (_____) deur **nasionalisme**. Ons bely dat ons **onsself aanbid** het deur ‘n gemaklike leefstyl en materialisme, sonder om na die armes en die mense in nood om te sien. Ons erken en bely die **trots, hoogmoed** en **arrogansie** in ons harte.

Here God, ons erken en bely dat ons en ons voorgeslagte, ver van U af gedwaal het. Ons het u verordeninge en **weë verlaat**. Ons bely dit Here, en draai terug na U toe. Ons wil U en u weë volg. Ons erken dat u weë goed is en dat dit ons lei na verlossing en herstel. Ons bid dat U ons sal vergewe deur die bloed van Jesus Christus. Kanselleer die vloek op ons land weens afgodery met die bloed van Jesus Christus.

Ons vra dat U ons genadig sal wees en die oordeel van siekte en pestilensie van ons land sal verwyder. Bring genesing vir dié wat ly aan VIGS, malaria, cholera, kanker en vele ander siektes weens sonde. Herstel gesondheid in ons land. Raak asseblief ons land aan sodat dit weer voedsel sal lewer vir dié wat honger is. Herstel ons ekonomie sodat die mense in _____ (naam van land/stad) weer versorg kan word. Vader, sien die nood van die armes in ons land en breek die bindinge van armoede wat gekom het weens afgodery. In die Naam van Jesus Christus maak ons elke deur toe vir die okkulte, Satanisme, tradisionele gelowe, New Age, Oosterse gelowe en enige ander godsdienstige groepe wat nie Jesus Christus as hulle Verlosser erken nie.

Vader, stort u Gees in oorweldigende herlewing uit oor hierdie land. Bring ‘n nuwe gewaarwording in u Kerk, dat ons waarlik sal besef ons is u Bruid. Rig ‘n Huis van Gebed op deur u Gees, sodat ons dag en nag u Naam kan aanroep in hierdie land. AMEN.

Toewyding van land/stad aan die Here

Dag 50: Gemeenskaplike dag van gebed.

Toewydingsgebed

HERE God, die Vader van Jesus Christus, daar is geen God soos U in die hemel of op die aarde nie. U is getrou aan u verbond en strek u genade uit oor diegene wat U heelhartig dien. U heers oor al die koninkryke van hierdie wêreld en hou alle mag en krag in u hand. Ons kniel vandag voor U as verteenwoordigers van u Kerk in _____ (naam van land/stad) in die Naam van Jesus Christus wat vir ons sondes aan die kruis gesterf het. Ons buig neer voor u Majesteit. Ons erken dat geen individu of nasie sonder skuld voor U staan nie, en daarom het ons gebid en belydenis gedoen van ons skuld as 'n nasie. U het vergifnis belowe deur die bloed van Jesus Christus in Lukas 24:46,47 en ons ontvang nou hierdie vergifnis deur u genade.

Ons kom, namens _____ (naam van land/stad), met vrymoedigheid na u troon toe. Ons bid, Vader, dat u Woord wat U gespreek het, waar sal word – hoor in die hemel en laat u aangesig weer oor ons land skyn. Ons wy ons land en volkere aan U toe. Ons nooi U om te kom en tussen ons te kom wandel. Versoen ons harte met U en die verbond wat U met ons het deur Jesus Christus. Laat ons in u weë wandel en volgens u insettinge leef. Beskerm ons teen die aanslae van die vyand. Bring asseblief genesing, versoening en herstel vir _____ (naam van land/stad) en stort u Gees van Heiligheid en Waarheid oor ons uit. Amen.

Gebed om die evangelie na die nasies te neem

Here Jesus Christus, U het u dissipels belowe dat hulle (en ons) krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom, om u getuies te wees tot in die eindes van die aarde. Stort u Gees oor ons uit en gee u Kerk in _____ (naam van land/stad) die krag en gesag om die evangelie aan die nasies te verkondig en hulle u dissipels te maak. Bevestig u Woord volgens die belofte in Markus 16:16-18. Stuur arbeiders vanuit _____ (naam van land/stad) uit om die oes in te samel. Gee ons u gesag om die nasies u Woord en beginsels te

leer en om bevryding en genesing te bring volgens Matteus 28:18. In die naam van Jesus Christus maak ons die “poorte” na Afrika oop. Ons het die weg vir die mense berei deur belydenis en verootmoediging en ons is besig om die hoofweg te bou en die klippe en struikelblokke te verwyder. Ons hef ‘n banier op vir die nasies: DIE NAAM VAN JESUS CHRISTUS – YAHWEH NISSI! AMEN.

Voorbereiding van Gebedsgroepe en Areas van Gebed

Ons stel voor dat julle in gebedsgroepe, eerder as individueel, bymekaar sal kom om oor die sondes van die gemeenskap te bid. Dit sal selfs goed wees as die groep verskillende denominasies en etniese groepe kan verteenwoordig. As daar nie so ‘n groep mense bestaan nie, moet asseblief nie dat dit jou verhinder om te bid en die Here se aangesig te soek nie. Ons stel ook voor dat die gebedsgroepe die spesifieke oortredingsplek sal besoek om daar te bid, eerder as om by die huis of by die kerk bymekaar te kom. Die rede hiervoor is om die Here ‘n kans te gee om Sy hart vir die gemeenskap in jou hart uit te stort, terwyl jy die hartseer, reuke en geluide van die area ervaar. Dit gee ook ‘n unieke geleentheid om die mense van die area te bedien in gebed.

Riglyne vir ‘n gebedsgroep byeenkoms:

- Kom so gou as moontlik bymekaar om te begin bid. Probeer dan om op ‘n weeklikse basis te ontmoet.
- Tydens die byeenkoms is dit goed om ‘n uur met sang en gebed in lof en aanbidding te spandeer. Gebruik ‘n addisionele uur om op die Here te wag en Sy woord vir jou area, dorp of stad te ontvang. Vra dat Hy vir julle sal openbaar waaroor julle moet bid. Bid dan dat versteekte dinge aan die lig gebring sal word (Jer.33:3; Deut.29:9; Jak.1:5).
- Gebruik ‘n gebedsjoernaal om enige skrif, visioene, drome en profesieë neer te skryf. Deel dit in die gebedsgroep met mekaar. Hou egter net dié waaroor julle duidelikheid en eenstemmigheid het. Dit is baie belangrik om met onderskeiding die drome/visioene/profesieë te oordeel. **Moenie dadelik op alles wat julle ontvang reageer nie, toets dit eers teen God se woord en met die ander intersessors.**

- Begin om jou plaaslike koerant dop te hou en na die streeksnuus te luister. Hou jou oë en ore oop en begin om die daaglikse kwessies in die nuus voor die Here te bring. Vra die Here om vir jou die wortels van die geestelike vrugte (bv. egskeiding, mishandeling, misdaad ens.) in jou area te openbaar.
- Besoek die plekke van oortreding in en rondom jou area en vra die Here om Sy hart, rakende hierdie kwessies, aan jou te openbaar.
- Bid daagliks vir jou persoonlike voorbereiding as deel van die gebedsaksie: Ps. 51; Dan.9:1-9; Neh.1:9; Ef.1:17-23; 3:9-21; 6:10-20; Fil.2:3-18.
- Wees versigtig dat die gebedsgroep nie in ‘n skindergroep ontwikkel nie. Moenie die mense en hulle betrokkenheid in die sonde, bespreek nie. Bring eerder die sake na God in gebed en vra Hom om hierdie mense na Hom te trek.
- Sodra die sondes van die gemeenskap erken en bely is voor God, vra Hom om julle gedagtes en geheues te reinig. Hou jou fokus op God en nie op die sonde nie.
- **Moenie sommer met enige iemand deel wat die Here vir julle in gebed openbaar het nie. Wees diskreet, veral met die inligting wat met mense te doen het (bv. wie die dwelmverslaafdes is). Wanneer God hierdie inligting aan jou toevertrou, vertrou Hy julle om in die gaping te staan vir hierdie mense, nie om hulle seer te maak en te vernietig nie. Laat God die een wees wat oordeel.**

Gebed by die plekke van oortreding:

Die rede waarom ons verkies om by die plek te gaan bid, is om die Here ‘n geleentheid te gee om empatie in ons harte op te wek vir dié wat teenoor ons en teenoor God oortree het. Dit is nie meer effektief om hier te bid as by die huis nie. **Onthou asseblief ook dat ons betrokke is in ‘n geestelike oorlog. Ons geveg is in die geestelike realm. Op hierdie stadium kan ons nie enige voorwerp, monument, afbeelding, ens. vernietig nie, behalwe as dit jou eie is of as jy toestemming het van die nodige outoriteit. Met hierdie initiatief kom ons met skuldbelydenis en verootmoediging na God. Ons is NIE op die aanval NIE. Ons is besig om met die sondes van ons samelewing te deel. Ons val GEEN owerhede en**

magte wat oor die area "heers" aan nie. Ons neem net hulle vastrapplek weg dmv skuldbelydenis. MOET NIE in geestelike oorlogvoering betrokke raak gedurende hierdie tyd van verootmoediging nie, behalwe as God baie duidelik met jou praat. Hy sal die regte tyd aandui daarvoor.

- Vind uit waar hierdie plekke van oortreding teen God is.
- Besoek die plek van oortreding – waar julle wil bid – vooraf, om al die relevante inligting te versamel. Vind uit hoeveel besoekers word toegelaat, wat die ingangsfooie is, of dit nodig is om ver te stap en wat die moontlikheid is om daar te kan bid. Moenie moedeloos raak as julle nie op die perseel kan bid nie (bv. moskee), kry 'n plek naby genoeg en bid daar.
- Meeste plekke is toeganklik vir besoekers of aanbidders. Neem die ander mense in ag wanneer julle daar is. Hanteer alle plekke van gebed, sowel as die mense wat daar woon/aanbid, met respek. Moenie enige skade aanrig aan die eiendom nie.
- Vra vir die Here se beskerming oor jou, die span, julle families, vriende en kerk voor julle hierdie plekke besoek om daar te bid. Maak seker dat jy enige bewustelike sonde in jou eie lewe afgehandel en om vergifnis gevra het, voor jy die verantwoordelikheid aanvaar om vir die sondes van jou gemeenskap te bid.
- Sover moontlik moet die gebedspan die verskillende etniese groepe van jou area verteenwoordig. As dit nie moontlik is nie, kontak die gebedskoördineerders van die omliggende dorpe wat kontak kan hê met intersessors van ander rasse.
- Die fokus van verootmoediging en skuldbelydenis is tussen God en ons, maar sou die Here julle daarin lei om ook teenoor die ander rasse te bely, gaan voort en bid dat Goddelike versoening sal plaasvind. Moet dit egter nie forseer nie. Wanneer mense dit nie heelhartig doen nie, word dit net 'n skouspel van emosie, terwyl daar in die geestelike realm niks verander nie. Die Here kyk nie na wat ons sê of doen nie, Hy kyk na die bedoeling van ons harte. Hy weet wat regtig in ons gedagtes en emosies omgaan. Erken eerder dat dit vir jou moeilik is om te versoen, as wat jy op 'n oppervlakkige manier die wonde wil genees.
- Wanneer julle gereed is om na die plek van oortreding te gaan, berei julself eers geestelik voor. Spandeer genoeg tyd in

aanbidding en wag op die Here voor julle begin bid. Dit kan vooraf plaasvind en hoef nie by die spesifieke plek te gebeur nie. Aanbidding by die plek kan beperk word tot ‘n paar liedere en gebede. Die hooftaak is skuldbelydenis, gee julleself dus genoeg tyd om in die teenwoordigheid van die Here in te tree, voor julle daarmee begin. Die voorbeelde van gebede in hierdie boekie is net riglyne. Dit hoef nie slaafs nagevolg te word nie. Laat die Heilige Gees toe om julle in julle gebede te lei. Die tyd van gebed by die plek van oortreding, hoef nie afgejaag te word nie. Neem genoeg tyd om die wil van die Here te onderskei en om te wag op Sy woord.

- Skryf neer wat daar gebeur vir latere verwysing.
- Hierdie is ‘n geestelike handeling. Dit is nie nodig om te skree en te gil om God se aandag te trek wanneer julle bid nie. Neem die ander spanlede in ag en laat die Heilige Gees julle lei in eenheid. Gee elke spanlid ‘n geleentheid om te bid en te luister na die Here. Selfs die mees onervare intersessor kan ‘n woord van die Here ontvang. Kinders is welkom om saam met hulle ouers te gaan bid, op voorwaarde dat hulle die visie deel en sal fokus op wat die Here besig is om te doen.
- Wees sensitief in die uitvoer van profetiese aksies. Ramshorings en baniere kan ‘n positiewe invloed hê om ‘n atmosfeer van aanbidding te skep. Dit het egter geen magiese invloed nie. Alle geestelike invloed sal van die Here self kom. Niks wat ons in profetiese aksies gebruik het ‘n magiese invloed nie. Moenie bestanddele soos olie en sout gebruik, tensy die hele groep in ooreenstemming is nie. Die mees belangrike aspek bly steeds die skuldbelydenis.
- Alle profetiese woorde en handelinge moet eers aan die groepleier onderwerp word, voordat dit impulsief uitgevoer word. Wees versigtig om al die openbarings wat jy ontvang, voor God se deur te lê. Toets elke woord teen die Bybel.
- Wees vry om nagmaal te gebruik as die Here julle so lei en as die span in eenheid is daaroor. Dit is nie ‘n magiese ritueel nie, maar ‘n simbool van die nuwe verbond in Jesus se bloed.
- Moet onder geen omstandighede iets onwettig doen nie.
- Gebruik God se Woord om te bid en lewe te proklameer oor die area.

- **Wees bedag daarop dat onenigheid in die span alle pogings om te bid, kan kanselleer. Hanteer spankonflik in volwassenheid, nederigheid, met vergifnis en genade. Die vyand se grootste taktiek is om konflik in die span te bring, sodat julle nie in eenheid kan bid nie. Ons stel voor dat alle spanlede ‘n besluit sal neem om te bid en om aan mekaar, en die spanleier, onderdanig te wees. Hoe meer ons ons onderwerp aan die ander in die span, hoe groter word die eenheid en hoe meer outoriteit ontvang ons in gebed.**

Hierdie boekie is beskikbaar in Afrikaans, English, Noord Sotho, Tswana, Xhosa, Zulu. R10.00 @ boekie. (Posgeld vir RSA ingesluit).